

Werner Nel

2010105183

Studieleier: Prof P Verster

**Die Missio Trinitatis as katalisator tot versoening en ‘n lewe saam in
Suid Afrika**

Hiermee verklaar ek dat hierdie verhandeling voorgelê word om te voldoen aan die vereistes vir die graad Magister Divinitatis in die Fakulteit Teologie, in die Departement Praktiese en Missionale Teologie, aan die Universiteit van die Vrystaat.

VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat hierdie verhandeling my selfstandige werk is, en nie voorheen deur my vir 'n ander graad of kwalifikasie aan 'n ander Tersiere Instelling of 'n Fakulteit daarvan ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

Ek verklaar verder dat die nodige taalversrging gedoen is, en goedgekeur is deur Prof. P Verster.

Inhoudsopgawe

Inleiding	4
Navorsingsprobleem	4
Deskriptiewe Struktuur	5
1. “Wie is God?” as die vertrekpunt van ons bestaan	6
1.1 God se openbaring as Drie-enig	6
1.2 Drie-eenheidsoorwegings	9
1.3 Trinitariese verstaan van die kruis	15
1.4 Opsommende opmerkings	19
2. Die missio Trinitatis en/as die Drie-enige God se beweging in die wêreld	21
2.1 Sending: Van toe tot nou – beweging na missio Trinitatis	21
2.2 Die Drie-enige God se beweging in die wêreld	26
2.3 Opsommende opmerkings	30
3. Die diskoers oor versoening in Suid Afrika en ander voorstelle	32
3.1 Die diskoers in Suid Afrika	32
3.2 ‘n Antropologie van versoening en Afrika	38
3.3 Anders belanghebbendes oor versoening	42
4. Eie evaluering en voorstelle vir versoening en ‘n lewe saam in Suid Afrika	46
5. Konkluderende opmerkings	58
Literatuurlys	59
Opsomming	62
Abstract	63

INLEIDING

Die gebeure op kampusse landswyd in 2016, en daarmee saam die die teks (2 Kor 13:11-13) en tema (Versoening in die Drie-eenheid) van my klaspreek in Augustus 2016 het my gedwing om krities na te dink en te reflekteer oor die wyse waarop daar oor versoening in Suid Afrika gedink word.. Die boek van Miroslav Volf (1996), *Exclusion and Embrace* het hierdie kritiese denke gestimuleer, veral na ek die voorwoord van die boek gelees het:

After I finished my lecture Professor Jürgen Moltmann stood up and asked one of his typical questions, both concrete and penetrating: "But can you embrace a četnik?" It was the winter of 1993. For months now the notorious Serbian fighters called "četnik" had been sowing desolation in my native country, herding people into concentration camps, raping women, burning down churches, and destroying cities. I had just argued that we ought to embrace our enemies as God has embraced us in Christ. Can I embrace a četnik - the ultimate other, so to speak, the evil other? What would justify the embrace? Where would I draw the strength for it? What would it do to my identity as a human being and as a Croat? It took me a while to answer, though I immediately knew what I wanted to say. "No, I cannot - but as a follower of Christ I think I should be able to (1996).

Volf (1996) skryf dan die boek waar hy dink oor versoening met “die ander”. Vanuit die idee van versoening met “die ander” wil ek graag voorstelle maak voel ek gedring om sekere aanbevelings te maak, spesifiek in die konteks in Suid Afrika en die stryd tot versoening en ‘n lewe saam. Ons leer by Volf dat versoening nie maklik is nie, maar dat dit moontlik as volgers van Christus. In hierdie Verhandeling gaan ek versoening met “die ander” in die Suid-Afrikaanse konteks ondersoek en krities evalueer.

NAVORSINGSPROBLEEM

Dit wil voorkom dat daar nie 'n goeie teologiese grondslag is waar die belydenis aangaande die Drie-eenheid as 'n beslissende oplossing vir die vraag na versoening en ‘n lewe saam in Suid Afrika dien nie. Wanneer ons die huidige stand van sake in die land op vele terreine in oënskou neem, kom dit soos ‘n onversoerbare situasie voor.

Volgens Koopman (2014:987) het die strewe na 'n lewe saam in Suid Afrika nie verklein na twintig jaar van demokrasie nie. Inteendeel hoor ons deesdae meer pleidooie vir die aanbreek van hierdie lewe saam. Die vlakke van polarisasie in ons land is steeds uitermatig hoog. Publieke vertroue bly 'n groot uitdaging. Ons smag nog steeds na hoër vlakke van inklusiewe sosiale solidariteit, bevrydende sosiale kohesie, en daardie menswaardige sosiale posisie, wat vertrouensverhoudings, dialoog, en saamwerk oor verskeie grense heen insluit.

Ek glo dat dit nodig is om krities te dink en te reflekteer op die situasie in Suid Afrika. Die realiteit van vervreemding van mekaar word elke dag toenemend groter, en ons as gelowiges kan nie hiermee saamstem of langer daarvoor swyg nie.

Die sentrale navorsingsvraag is: Wat is die betekenis van die leer van die Drie-eenheid, en spesifiek die *missio Trinitatis* vir versoening onder omstandighede waar daar ernstige konflik voorgekom het, en steeds voorkom?

In die lig daarvan moet gevra word: Hoe moet ons versoening verstaan? Wat is die betekenis van die Drie-eenheid vir ons land waar dit dikwels blyk dat daar geen hoop meer oor is nie? Hoe moet ons oor versoening dink onder hierdie omstandighede?

DESKRIPTIEWE STRUKTUUR

Hierdie verhandeling bestaan uit vier hoofstukke, gevolg deur konkluderende opmerkings. Eerstens gaan verskillende Drie-eenheidsoorwegings bespreek word. Hier gaan gefokus word op die verstaan van die Drie-eenheid deur verskillende teoloë deur die eeue. In Hoofstuk Twee word gefokus op hoe hierdie Drie-eenheidsoorwegings uitspeel in God se beweging in die wêreld en in sending- die *missio Dei (Missio Trinitatis)*. Die derde hoofstuk bekyk die diskoers rondom versoening in die huidige konteks in Suid Afrika, in die groter konteks in Afrika, en dan by ander kontekste wat moontlik voorstelle aan bod bring sodat versoening waarlik kan plaasvind. In die vierde hoofstuk sal 'n kritiese evaluering gedoen word en voorstelle gemaak word ten opsigte van versoening, en 'n lewe saam in Suid Afrika aan die hand van die literatuurstudie van die eerste drie hoofstukke.

HOOFSTUK 1

“WIE IS GOD?” AS VERTREK PUNT VAN ONS BESTAAN

Christelike teologie begin, ontwikkel en word voltrek by die onuitputbare misterie van God. Dit praat van God, nie in vae en algemene terme nie, maar op die basis van sekere van God se aksies wat ons in die Skrif teëkom. Omdat, soos Calvyn aangedring het, ons kennis van God en ons kennis van onself altyd onlosmaaklik verweef is, sal die roete wat ons neem en die gevolgtrekking waarby ons in die Godsleer uitkom, ons diepgaande beïnvloed in terme van wat ons sê oor die Christelike geloof en lewe (Migliore 2004:64).

Die Drie-eenheid is ‘n konsep waaroor daar deur die eeue heen baie gepraat en gedebatteer is. Verskeie mense het verskillende menings en verstaan die Triniteit op eiesoortige maniere. In hierdie hoofstuk gaan ek verskillende Drie-eenheidssieninge verduidelik, met mekaar vergelyk en oorweeg. Alhoewel dit onmoontlik is om alle sieninge oor eeue heen te verduidelik en te oorweeg, sal gepoog word om die mees relevante te ondersoek en met mekaar vergelyk.

1.1 God se openbaring as Drie-enig

Wanneer daar na die leerstuk van die Drie-eenheid gekyk word, is daar twee spesifieke beskouings waarvan kennis geneem behoort te word. Hierdie konsepte is die Immanente Drie-eenheid, en die Ekonomiese Drie-eenheid. Volgens Battaglia (2009:4) verwys die Immanente Drie-eenheid na die misterieuse saam bestaan van die drie goddelike persone in hulle ewige bestaan. Die Ekonomiese Drie-eenheid verwys na God se aksie en teenwoordigheid in die ekonomie van verlossing, of ‘God-vir-ons’.

Die teoloog, Daniel L. Migliore noem dit in sy boek, *Faith Seeking Understanding* (2004), en maak dan drie stellings in verband met die Triniteit:

Eerstens, meen Migliore (2004) om te bely dat God Drie-enig is, is om te bely dat ewige lewe van God ten diepste persoonlike lewe in verhouding is.

Die Bybel praat as God van ‘n “lewende God” (Matt 16:16). God is nie soos die dooie afgode wat nie praat of optree nie. God praat en tree kreatief, reddend en

transformerend op. Die God van die Bybelse getuigenis is nie onpersoonlik nie, maar persoonlike realiteit wat in 'n lewende verhouding met skepsels inbeweeg. Meer nog, volgens die Drie-eenheidsgeloof, kom God nie eers in die lewe, begin dan liefhê en kry dan persoonskap deur met die wêreld te assosieer nie. In alle ewigheid lewe en het God lief as Vader, Seun en Heilige Gees. In God se eie ewige wese is daar beweging, lewe, persoonlike verhoudings, en die gee en ontvang van liefde. God is Een, maar die eenheid van God is 'n lewende eenheid. Dit is 'n eenheid van volheid wat verskil én verhouding insluit. Die Drie-eenheid is ten diepste 'n *koinonia* van persone in liefde (Migliore 2004:76-77).

Tweedens, volgens Migliore (2004), om te bely dat God Drie-enig is, is om te bely dat God bestaan in gemeenskap baie dieper as die verhoudings wat ons ken in ons menslike ervaring. Die Goddelike lewe is sosiaal en dus die bron en krag van inklusiewe gemeenskap tussen skepsels, maar dit oortref ons kapasiteit om te beskryf. Omdat mense in(na?) die beeld van God geskape is (Gen. 1:27), het teoloë vir oorblyfsels of analogieë gesoek van die Drie-eenheid in die skepping en spesifiek in die lewe van die mens. Spesifiek, is twee tipes analogieë gebruik in Drie-eenheidsteologie. Eerstens is daar die sogenaamde psigologiese analogie wat gebaseer is op die persoonskap as saamgestel deur gedifferensieerde, maar onskeibare aktiwiteite van die self. Om 'n persoon te wees is om 'n selfbewuste onderwerp te wees wat beskik oor geïntegreerde fakulteite van geheue, verstaan en wil.

Die ander tipe Drie-eenheid analogie is die sogenaamde sosiale analogie wat die menslike ervaring van lewe-in-verhouding neem as die beste leidraad vir die verstaan van 'n Drie-enige God. Tradisionele Westerse Triniteitsteoloë het primêre klem op die psigologiese analogie geplaas, terwyl verskeie kontemporêre teoloë die sosiale analogie verkies, en meen dat die Oosterse tradisies ondersteuning vir hierdie analogie bied. Albei het hulle sterk- en swakpunte, maar nie een kan die volle misterie van God begryp nie (Migliore 2004:78).

Migliore (2004) meen dertens dat, om te bely dat God Drie-enig is, is om te bely dat die lewe van God uiteindelik 'n lewe van selfopofferende liefde is waar sy krag weerloosheid omhels. Die Drie-enige God is die lewende God, en die lewe van God is 'n enkele daad van liefde. God se ewige daad van selfopofferende liefde word

gekommunikeer in die wêreld deur “die genade van die Here Jesus Christus, die liefde van God, en die gemeenskap van die Heilige Gees” (2 Kor 13:13). Hoe vernederend die idee ookal, die Evangeliese narratief identifiseer God as die krag van deernis in liefde wat sterker is as sonde en dood. Volgens die Bybelse getuienis, ly God met en vir skepsels uit liefde vir hulle.

God het in vryheid lief, nie net in verhouding tot die mens nie, maar in Sy eie ewige wese. God kan in weerlose interaksie met die wêreld intree. Selfs tot in die dieptes van tydelikheid, ontneming, lyding, en dood, omdat as Vader, Seun en Heilige Gees Hy in wese ‘n onuitputbare geskiedenis van wedersydse selfopofferende liefde is. Hierdie grenslose liefde van die Drie-enige God word beslissend geopenbaar in die kruis van Christus, en is die ewige bron en energie van menslike vriendskap, deernis, opofferende liefde, en inklusiewe gemeenskap. ‘n Triniteitsverstaan van God stem dus ooreen met die getuienis van die Ou en Nuwe Testament, met die lydende liefde van God waarvan die profete getuig het (Hos. 11:8-9). Dit omvat al die aspekte van die Evangelieverhaal: die deernis van Jesus vir die siekes, sy solidariteit met die armes, die gelykenisse van die Barmhartige Samaritaan en die Verlore Seun, en bowenal al die opofferende kruisgebeure en Sy wonderlike opstanding. Verder, ‘n Triniteitsgeloof herdefinieer die betekenis van verlossing. As die Drie-enige God ‘n self-opofferende liefde is wat lewe bevry en ‘n nuwe en inklusiewe gemeenskap skep, dan is daar geen verlossing vir die skepsel anders as om te deel in God se ‘agape’ manier van lewe in solidariteit en hoop vir die hele skepping (Migliore 2004:81).

Smit (2009:37-38) verduidelik aan die hand van Baars hoe Calvyn na die Drie-eenheid gekyk het. In terminologie wat skrywers al dikwels gebruik het, bied die leerstuk van die Drie-eenheid vir gelowiges ‘n “struktuur” of “raamwerk” of met “Bybelse grammatika”, met die enigste manier om aan die Ou en Nuwe Testament saam te dink, en om te praat van die *een* God van beide Testamente. Hierdie beteken nie in die eerste plek om uiteenlopende tekste as bewys tekste aan te haal nie, maar eerder om ‘n patroon, ‘n omvang te onderskei, ‘n onderliggende realiteit binne in die Skrif.

Calvyn in Smit (2009:38) is van mening dat die leerstuk van die Drie-eenheid die enigste manier is om die God van die Bybel te verstaan, om oor Hom te dink, en om

oor Hom te praat. In hierdie opsig gebruik hy weereens nie net eenvoudig al die Bybelse bewystekste wat al algemeen geraak het in die kerk nie, maar hy fokus eerder op sulke perikope wat, byvoorbeeld, die eenheid van God van die Ou en die Nuwe Testamente aantoon, en ook die Godheid van die Seun en die Gees. Hierdie moet dalk gesien word as ‘n eerste karaktereienskap van Gereformeerde Drie-eenheidsdenke, in meer kontemporêre woorde uitgedruk, naamlik dat die leerstuk beskou word dat dit die nodige “grammatika” voorsien om van die Skrifte te praat (Smit 2009:38).

Breedweg gesê, maak hierdie Bybelse grammatika dit moontlik om oor die God van die Skrif te praat as die lewende God, betrokke by die geskiedenis, die God van die verbond en van verbondsgetrouheid. Maurer beklemtoon die punt deur te sê dat in hierdie perspektief, Drie-eenheidsgeloof gegrond is in die pogings “om op die lewende eenheid van God te reflekteer”.

Smit (2009:40-43) verduidelik hoe die Immanente Drie-eenheid nie veel aandag gekry het by Calvyn nie, en ook nie later nie. Dit kan ‘n tweede karaktereienskap van Gereformeerde Drie-eenheidsdenke wees, naamlik dat die klem op ‘n ander plek gelê word as by die inner-Trinitariese gesprekke van die vroeë kerk, dat die Bybelse grammatika hulle elders heen lei, na ‘n ander tipe Trinitariese taal, naamlik die belydenis van die aksies van die *lewende* God.

Met die verstaan van Calvyn oor die Drie-eenheid kan ek my vereenselwig. Hy beklemtoon die God van die Bybel, die hele Bybel, en stel God voor as ‘n lewende God wat betrokke is by die mens. Hy skenk besondere aandag aan die Ekonomiese Drie-eenheid. Soos vroeër genoem moet ons bewus wees van die Immanente en Ekonomiese verstande van die Drie-eenheid. Literatuur op beide gebiede sal bestudeer word, en voorstelle vervolgens gemaak word. Ek is daarvan oortuig dat daar ruimte bestaan vir beide, en dat daar versoeningspotensiaal in opgesluit lê vir die Suid-Afrikaanse uitdagings.

1.2 Drie-eenheidsoorwegings

The doctrine of the Trinity is what basically distinguishes the Christian doctrine of God as Christian, and therefore what already distinguishes the Christian concept of

revelation as Christian, in contrast to all other possible doctrines of God or concepts of revelation. – Karl Barth (CD I/1, p. 301) in Webster (2000:72)

Uit hierdie aanhalings kan gesien word dat die leerstuk van drie Drie-eenheid kardinaal is in die Christelike tradisie, en ook in ons verstaan van God. Dit is ten diepste wat die Christendom van ander skei, en waarop die Christelike geloof gebou is.

Soos tevore gemeld, is daar ook verskillende beskouings van verstaan van die Drie-eenheid. Sekere van hierdie beskouings word uitgelig, wat sal lei tot 'n beter verstaan van die Drie-eenheid, en ook help met die uitspeel daarvan in die wêreld.

In hulle boek, *An Introduction to Christian Theology*, bespreek Plantinga, Thompson en Lundberg (2001) die Drie-eenheid breedvoering. Volgens hulle behoort daar, eerder as om ons eerste, sterkste begrip van 'n algemene, abstrakte monoteïsme baseer op natuurlike teologie. Hiermee word verwys na die dinamiese interaksie tussen die Vader, Seun en Gees wat uitgebeeld word in die Bybelse narratief wat ons behoort te informeer en ons denke en verstaan van God se eienskappe (wese) en interaksie (daad) met die skepping moet vorm. Hulle gebruik dan 'n illustrasie om te verduidelik dat meeste mense meen dat die leerstuk van die Drie-eenheid bloot onverstaanbaar is. Dit is verder moeilik om die praktiese waarde daarvan te verstaan indien dit nie behoorlik begryp word nie.

Dit was die leemte aan waardering van die leerstuk van die Drie-eenheid, veral in die Weste, wat gelei het dat Karl Rahner (1904-84), die vooraanstaande Katolieke teoloog, by wyse van laments aangekondig het dat ten spyte van die ortodokse belydenis van die Drie-eenheid, Christene eintlik blote monoteïste is. Volgens hom het die Drie-eenheid min speelkans in baie Christene se lewenspraktyk en denke (2001:111).

Plantinga, Thompson en Lundberg (2001:123-128) verduidelik ook die standpunte en Drie-eenheidssieninge van die Kappadosiërs en Augustinus:

Die Kappadosiërs en die Ooste

Basil van Caesarea (379), sy jonger broer Gregorius van Nyssa (395) en hulle vriend Gregorius van Naziansus staan bekend as die Kappadosiese Vaders. Hulle verskeie geskrifte en invloed op die tweede ekumeniese konsilie van Konstantinopel (381) het die Drie-eenhedsvraag belydend vir die kerk beantwoord. Hulle doen dit op twee groot maniere: Eerstens het hulle die status van die Heilige Gees verduidelik. Teenoor dié wat die Gees ondergeskik aan die Vader verklaar het, het Basil en Gregorius van Naziansus sterk klem gelê op die Godheid van die Gees as ‘n derde persoon. Tweedens het hulle die belangrike logika en terminologie van die Drie-eenhedsleerstuk verklaar. Wat Nicea op ‘n verwarrende manier as sinonieme vir die essensie, *ousia* en *hipostase* gebruik het, het die Kappadosiërs mooi en duidelik verklaar. Hulle het *ousia* gebruik om die Goddelike natuur wat die Vader, Seun en Gees met mekaar deel te verklaar, en hulle het Origenes?? se leiding gevolg en *hipostase* gebruik vir elk van die drie persone. Die tegniese Drie-eenhedsformule het toe “drie persone, een wese” geraak.

Gregorius van Nyssa het Basil se leiding gevolg en gebruik die onderskeiding van sy “drie man” analogie vir die Drie-eenheid.

Meer as om net die Drie-eenhedsdefinisie vir die kerk te verklaar, het die Kappadosiërs ‘n afdruk op die Oosterse benadering geplaas, wat meer klem lê op die ‘drieheid’ van die Drie-eenheid se persone as die Westerse benadering. Om hierdie rede, is die belangrike Trinitariese neiging van *perikorese* in die Ooste gevestig, soos eerste gevind by Johannes van Damaskus in die 8ste eeu. Gebaseer op absolute ‘eenheid’ van Vader en Seun in Johannes se Evangelie, verduidelik *perikorese* die gemeenskaplike inblywing, interpenetrering en gemeenskap wat saamkom in die eenheid in die Drie-eenheid in die lig van die erkenning van die persone. Dit word later gesien in Rublev se skildery. Die leerstuk van die Drie-eenheid het nie in die Ooste so ‘n afname beleef soos in die moderne Weste nie.

Augustinus en die Weste

Augustinus van Hippo is die patriarg van die Westerse leerstuk van die Drie-eenheid. Sy *On The Trinity*, wat geskryf is oor ‘n tydperk van twintig jaar, stel hy sy gedagtes oor die Drie-eenheid voor wat lank na dit nog groot invloed in die Westerse kerk sou hê. In sy ekstensiewe refleksies, gee Augustinus voorrang aan die een Goddelike substans as die vertrekpunt met betrekking tot die Drie-eenheid. Die drie persone

word dan daarna oorweeg en geakkommodeer. Op hierdie manier neem hy Tertullianus se inleiding van die term “substans” op vir die Goddelike eenheid, in kontrastering met die Kappadosiërs wat begin by die persone. Hy aanvaar ook nie Gregorius van Nyssa se ‘drie man’ analogie nie.

Augustinus meen ook dat Gen. 1:26 ‘n groot rol speel. Die feit dat die mens na die beeld van God geskape is word uitgebeeld in die feit dat die mens ook rasioneel is. Hy verdeel dan die rasionaliteit van die mens se siel in gedagte, kennis en liefde, of geheue, verstaan en wil, wat dan aansluit by Vader, Seun en Gees. Augustinus se sielkundige analogie sou die Westerse Trinitariese verstaan grootliks beïnvloed.

In sy boek, *Teologiese etiek*, verwys Heyns (1982:89) spesifiek na die Drie-eenheid, en hoe die etiese dan vanuit die Drie-eenheid uitspeel:

God is ‘n Drie-enige God, met die gevolg dat die Vader, Seun en Heilige Gees elkeen op ‘n bepaalde wyse, die grond van die etiese verteenwoordig. Die enkelvoud grond word doelbewus gebruik, aangesien ons nie drie gronde het nie – net so min as wat ons drie gode, elk met sy eie besondere soort werk het. In so ‘n geval sou ons dan van ‘n Patromonistiese, Christomonistiese en Pneumamonistiese begroting van die etiese moes praat. En tog het ons in die eenheid van die goddelike wese, drie persone, wat weliswaar nooit geskeie van mekaar optree nie, maar aan wie daar tog ‘n besondere werk opgedra word. Daarmee word die één historiese ontplooiing van die openbaring nie modalisties in drie fragmente opgedeel sodat die Vader slegs aan die begin, die Gees aan die einde, en die Seun daartussen in, optree nie. Maar elke fase van die historiese ontplooiing met sy eie aksent, gaan dit om die onverdeelde arbeid van die één drie-enige God (Heyns 1982:89).

Heyns (1982:89) verduidelik dat na ons oordeel ons dus met reg van die Vader as Skeppingsgrond, die Seun as die Herskeppingsgrond en die Gees as die Voleindigingsgrond van die etiese praat. Daarmee word dit dan duidelik dat die etiese is sy drie fundamentele aspekte van ontstaan, herstel uit sy verval, en maksimale ontplooiing van sy aard en struktuur, radikaal en totaal van God Drie-enig afhanklik is.

Heyns (1982:90) verduidelik verder dat die wese van God nie net is dat Hy bestaan nie, maar in die feit dat Hy ‘n persoonlike God is, wat name en eienskappe het. In die één wese is daar drie persone, elkeen met sy eie naam, ‘n verskeidenheid eiename, en

‘n aantal eienskappe, sommige waarvan deur al drie persone gedeel word en ander eienskappe wat elkeen eie is aan elke spesifieke persoon. Wanneer ons dan kyk na die handeling van God, sien ons dat hul wese as Vader, Seun en Gees dit fundamenteel bepaal. Dit is ook vir die etiese dimensie van die menslike bestaanswyse baie belangrik.

Heyns meen verder dat dit duidelik is dat sonder die Vader as die Skeppingsgrond die sedelike nooit sou bestaan het nie, sonder die Seun as die Herskeppingsgrond, sou die sedelike nooit van sy ondergang gered kon word nie. Sonder die Gees as die Voleindigingsgrond, sou die sedelike nooit in die lewe van die mens ‘n werklikheid, en by name ‘n ontplooiende en verdiepende werklikheid, kon wees nie. In hierdie radikale sin moet die trinitaries-teosentriese begroning van die teologiese etiek, en voorts dus ook dié van die Christelike-wysgerige en die Christelik-vakwetenskaplike etiek, verstaan word (Heyns 1982:107).

In sy Institusie skryf Calvyn in sy eerste boek oor die kennis van God, die Skepper. Hy meen dat die kennis van God en van onself ten nouste met mekaar verbind is. Hy verduidelik dat die hoofsaak van ons wysheid bestaan uit twee dele, die kennis van God en die kennis van onself (Duvenhage 1978:39).

In sy tweede boek skryf Calvyn oor die kennis van God, die verlosser in Christus, wat eers aan die vaders onder die wet, daarna aan ons in die Evangelie geopenbaar is. Hy meen dat ons voortreflike oorsprong vir ons nie veel goed inhou nie, omdat ons onder Adam deel is van almal wat verlore gaan. God moet in die persoon van sy eniggebore Seun as Verlosser verskyn. Die feit dat ons kennis het van God die Skepper is van geen nut as die geloof nie bykom dat God ons Vader in Christus is nie (Duvenhage 1978:141).

In sy derde boek skryf Calvyn oor die wyse waarop die genade van Christus verkry word; die vrugte wat daaruit voortkom, en die werkinge wat daaruit volg. Hier verduidelik Hy dat die dinge wat oor Christus gesê is ons deel word deur die verborge werking van die Heilige Gees. Hy skryf ook dat die Gees beurtelings die Gees van die Vader of die Gees van die Seun (Rom 8:9,11) genoem word (Duvenhage 1978:205).

Alan Torrance skryf in Webster (2000:73) dat Karl Barth meen dat die Drie-enige God kenbaar raak deur die Drie-enige gebeurtenis van God se self-openbaring en ons deelname daarbinne. Dit is alleen te danke aan die een Woord wat buite staan, en aan die opgestane Christus wat deur die deure kom. Om die natuur van die Drie-enige God te herken en erken is opsig self 'n gebeurtenis van genade ontvang as die wedersydse inblywing of eenheid van die goddelike en menslike moontlikheid, van die mens se wete en kennis daarvan (CD I/1, p. 246).

Alan Torrance in Webster (2000:76) skryf dat Athanasius bevestig het dat eers wanneer mens raaksien dat die Seun en die Gees een in wese is met die Vader, ons as mense God se wese kan interpreteer. Alternatiewelik, word ons in die vergeefse betrokkenheid gelaat in die mitologiese projeksie van ons vooropgestelde menslike affiliasies met die goddelike, en word ons daardeur verbind aan 'n self-aansluitende identifikasie van ons vooropgestelde self-verstane van God se wil en doel. In sterk teenstand waartoe hierdie vorme van 'godsdienste' lei, bevestig Barth die *homousion* en dus die Drie-eenheid. 'As ons werklik die openbaring wil verstaan in terme van sy subjek, bv., God, dan is die eerste ding wat ons moet besef dat hierdie subjek, God, die Openbaarder identies is aan Sy daad van openbaring, en ook aan die effek daarvan' (CD I/1, p. 299). Dit is God self, dit is dieselfde God in ongeskeide eenheid, wat volgens die Bybelse verstaan van openbaring, die openbarende God is en die gebeurtenis van openbaring, en die effek op die mens' (CD I/1 p. 299). Dit is die Drie-eenheid wat die belangrike grammatika van God se betrokkenheid by die mensdom en die moontlikheid van teologiese objektiwiteit saamvat.

Volgens Barth lê die wortel van die leerstuk van die Drie-eenheid in die heerskappy van God, in die drievoudige self-onthulling van God wat van nature nie onthul kan word nie. God is Here in sy onnaspeurlikheid. Hy is 'n tweede keer Here in sy self-manifestasie, en Hy is 'n derde keer Here in dat Hy na ons toe kom. Dit is deur die Gees se teenwoordigheid in en by ons wat ons "oë" gee om te sien wat "vlees en bloed" nie kan sien nie. Dit is die heerskappy van God in hierdie drie dimensies van God se self-openbaring wat vir Barth die wortel van die leerstuk van die Drie-eenheid opmaak. In God se Drie-enige self-openbaring, wat die lewe van die kerk verteenwoordig, ook beskryf as die mens se deelname in die lewe van die Drie-eenheid, is dit niks minder nie as 'n gebeurtenis waar God die mensdom inneem om

deel te neem in die gemeenskap tussen die Vader en die Seun. Hierdie deelname, gemeenskap, herkenning en erkenning wat Barth uitspreek in sy Trinitariese analise van openbaring kan ook gesien word as die definiëring van die wese van deelname 'in Christus' en dus *in embryo* die wesenlike koinoniale struktuur van die Christelike lewe in al sy ander dimensies ook (Torrance in Webster 2000:79).

Later in die verhandeling sal daar verder uitgebrei word oor die deelname in Christus wat Barth hier aanraak.

1.3 Trinitariese verstaan van die kruis

As Christene, van welke denominasie ook al, is daar een sentrale punt van ons verstaan van die Evangelie: die kruis van Jesus Christus. Wanneer ons sê dat ons in 'n Drie-enige God glo, beteken dit dat ons 'n Trinitariese verstaan moet hê van hoe God Homself aan ons openbaar. Die kruis as die groot gebeurtenis moet dan ook so bekyk en verstaan word.

Moltmann vra die vraag of dit moontlik is om aan die 'menslike', 'gekrusigde' God te dink sonder om aan Hom te dink in Trinitariese terme. Omgekeerd, kan ons aan God in Trinitariese terme dink sonder dat ons die kruis in gedagte het? Hy verduidelik verder dat die Triniteitsleer geen spesiale betekenis in die geskiedenis van Westerse Teologie geniet nie. Liturgieë begin met die tradisionele formule 'In die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees', en die Apostoliese geloofsbelydenis en sy meer moderne weergawes het drie artikels, en meen dat dit praat van Skepper, Versoener en die Verlosser. In praktyk, is dit egter 'n ander geval. Die godsdienstige konsepsies van baie Christene bewys dat dit niks meer as 'n weeklikse Christelike monoteïsme is nie. Dit is egter ook hierdie algemene monoteïsme in Teologie en geloof van Christene wat betrokke is in 'n krisis van identiteit.

Hy verduidelik vervolgens dat baie van die Christelike leerstukke nie Trinitaries van aard is nie. Leerstukke soos dié van die Skepping (net soos dié van die Moslems), genade en eskatologie is monoteïsties (Moltmann 2001:Kindle).

Moltmann (2001:Kindle) meen verder dat van die dae van Melanchton, en spesifiek van Schleiermacher en die morele Teologie van die negentiende eeu, is die Drie-

eenheid in die protestantisme geag as niks meer as ‘n teologiese spekulاسie met geen meer relevansie vir die lewe nie, ‘n tipe hoër teologiese misterie vir beginners. Alhoewel Melanchton later heeltemal Trinitaries gedink het, was die enigste aanhaling wat vanuit sy geskryfte deur die liberale protestantisme in die negentiende eeu gemaak is die deel van die *Loci Communes* van 1521 wat so mooi ooreengestem het met die moderne gees:

We do better to adore the mysteries of Deity than to investigate them. The Lord God Almighty clothed his Son with flesh that he might draw us from contemplating his own majesty to a consideration of the flesh, and especially of our weakness . . . Therefore there is no reason why we should labour so much on those exalted topics such as ‘God’, ‘The Unity and Trinity of God’, ‘The Mystery of Creation’, and ‘The Manner of the Incarnation’ . . . To know Christ means to know his benefits, and not as they teach, to reflect upon his natures and the modes of his incarnation . . . In his letter to the Romans when he was writing a compendium of Christian doctrine, did Paul philosophize about the mysteries of the Trinity, the mode of incarnation, or active and passive creation? . . . He takes up the law, sin, grace, fundamentals on which the knowledge of Christ exclusively rests.

Die verskuiwing van sekere Hervormers van suiwer teologiese oorwegings na ‘n kritiese teorie van teologiese praktyk vir geloof het gelei tot ‘n prysgawe van die leerstuk van die Drie-eenheid, want in die tradisie van die vroeë kerk het die leerstuk van die Drie-eenheid sy plek gehad in die lof en visie van God, en nie in die ekonomie van verlossing nie. Maar hoort die leerstuk van die Drie-eenheid in die ‘oorweging van die goddelike majesteit’, apart van die openbaring van God deur Christus vir ons, in ons geskiedenis en ons vlees? Wanneer ons hierdie onderskeiding maak, ontstaan die vraag of dit reg is om die rug te keer op die leerstuk van die Drie-eenheid as pure spekulاسie, en onself te vereenselwig met die geskiedenis van die wet, sonde en genade. Maar so ‘n onderskeiding is fundamenteel vals. ‘n Mens filosofer nie bloot spekulatief oor die misteries van die Drie-eenheid nie, soos Melanchton dit verwoord het, maar staan voor die vraag oor hoe God verstaan moet word in die gebeurtenis van die kruis van Christus (Moltmann 2001:Kindle).

Moltmann (2001:Kindle) haal vir Schleiermacher aan deur te sê: “Enige nuwe weergawe van die leerstuk van die Drie-eenheid moet ‘n transformasie wees wat teruggaan tot by die begin. Die plek vir die leerstuk van die Drie-eenheid is nie die ‘denke of gedagtes’ nie, maar die kruis van Jesus. ‘Konsepte sonder persepsie is leeg’

(Kant). Die persepsie van die Drie-eenhedskonsep van God is die kruis van Jesus. ‘Persepsies sonder konsepte is blind’ (Kant). Die teologiese konsep van die persepsie van die gekruisigde Christus is die leerstuk van die Drie-eenheid. Die kernbeginsel van die leerstuk van die Drie-eenheid is die kruis van Christus. Die formele beginsel van die kennis van die kruis is die leerstuk van die Drie-eenheid. Waar lê die begin? Soos ons goed weet bevat die Nuwe Testament nie enige ontwikkelde leerstuk van die Drie-eenheid nie. Dit het eers gekom uit die omstredenheid van die vroeë kerk oor die eenheid van Christus met God. Ek glo dat B. Steffen, in sy lank vergete boek *Das Dogma vom Kreuz. Beitrag zu einer staurozentrischen Theology* (1920: ‘Die dogma van die Kruis. ‘n bydra tot ‘n staurosentriese Teologie’), iets verbasend raaksien:

The scriptural basis for Christian belief in the triune God is not the scanty trinitarian formulas of the New Testament, but the thoroughgoing, unitary testimony of the cross; and the shortest expression of the Trinity is the divine act of the cross, in which the Father allows the Son to sacrifice himself through the Spirit (Moltmann 2001).

Hierdie argument moet getoets word, aan die hand van die Teologie van die kruis wat die leerstuk oor die Drie-eenheid moet wees, en die leerstuk van die Drie-eenheid moet die teologie van die kruis wees, want anders kan die menslike, gekruisigde God nie volheid waargeneem word nie (Moltmann 2001:Kindle).

Wat het gebeur by die kruis van Christus tussen die God vir wie Hy Vader genoem het en verkondig het dat Hy ‘naby gekom het’ daaraan om mense te verlaat? Volgens Paulus en Markus, is Jesus self verlaat deur hierdie einste God, sy Vader, en het Hy gesterf met ‘n roep van godverlatenheid (Moltmann 2001:Kindle).

Dat God sy Seun oorgelewer het is een van die mees ongehoorde stellings in die Nuwe Testament. Ons moet ‘oorgelewer’ in sy volle sin verstaan en dit nie afwater tot ‘stuur’ of ‘gee’ nie. Wat hier gebeur het is wat Abraham nie aan Isak hoef te doen het nie (Rom 8:32): Christus was opsetlik deur die Vader tot die dood verlaat: God het Hom onderwerp aan die krag van korrupsie, hoe dit ookal verwoord of benoem word. Om die idee in die mees akute vorm uit te druk kan mens dit dalk in die woorde van die dogma van die eerste kerk doen: Die eerste persoon van die Drie-eenheid werp en

wis die tweede uit... 'n Teologie van die kruis kan nie meer radikaal uitgedruk word as juis hier nie (Moltmann 2001:Kindle).

Hy verduidelik voorts wat hierdie 'oorgegee' se betekenis is, en wat Paulus toe later daarmee gedoen het. Paulus gebruik die Godverlatenheid van Jesus in die eskatologiese konteks van sy opstanding, eerder as die historiese konteks van sy lewe. In Rom 8:31 lees ons: "God is vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie? Volgens hierdie het God sy eie Seun gegee, hom verlaat, uitgewerp en oorgelewer aan 'n vervloekte dood. Paulus skryf dit in sterker terme: 'Hy het Hom as sondaar behandel' (2 Kor 5:21) en 'deur in ons plek 'n vervloekte te word' (Gal 3:13). Dus, in die totale, onlosmaaklike verlatenheid van Jesus deur sy God en Vader, sien Paulus die oorlewering van die Seun deur die Vader vir goddelose en godverlate mense. Omdat God nie sy Seun spaar nie, word al die goddeloses gespaar.

Dus is die oorlewering van die seun aan godverlatenheid die grond vir die regverdiging van die goddelose en die aanvaarding van vyandigheid van God. Daar kan dus gesê word dat die Vader die Seun oorlewer aan die kruis sodat Hy die Vader kan wees van dié wat oorgelewer word (Moltmann 2001:Kindle).

Om te verstaan wat tussen Jesus en sy God en Vader gebeur het aan die kruis is dit nodig om in Trinitariese terme te praat. Die Seun sterf, en die Vader ly in terme van die dood van Sy Seun. Die leed van die Vader is net so belangrik soos die dood van die Seun. Die Vaderloosheid van die Seun staan gelyk aan die Seunloosheid van die Vader, en as God homself aangestel het as die Vader van Jesus Christus, dan ly Hy die dood van Sy Vaderskap in die dood van Sy Seun. As dit nie so was nie, sou die leerstuk van die Drie-eenheid steeds 'n monoteïstiese agtergrond gehad het (Moltmann 2001:Kindle).

Moltmann werp nuwe lig op die verstaan van die leerstuk van die Drie-eenheid. Dit is waardevolle stellings wat hy maak en dit dra by tot die wyse waarop sal aan dinge vanuit die Godsleer nagedink word.

1.4 Opsommende opmerkings

Wanneer ek in hierdie verhandeling die Drie-eenheid as Missio Trinitatis voorstel as katalisator tot versoening, doen ek dit aan die hand van 'n vraag: Wie is God?

Dit is 'n belangrike vraag om te vra, en ook nodig om breedvoerig te bespreek. Daarom handel die eerste hoofstuk slegs oor die Drie-eenheid. Wanneer ons sê dat God ten diepste Drie-enig is, beteken dit dat Hy in sy Drie-enige wese die katalisator tot versoening is.

Daarom die beskrywing oor die vraag na God se identiteit. As ons "God" nie definieer en verduidelik nie raak dit bloot 'n relatiewe term waaraan ons ons eie betekenis gee. Calvyn het juis gesê dat ons as mense se verstand 'n ewige fabriek van afgode is. Daarom die Drie-eenheid as vertrekpunt vir die tesis.

Terselfdertyd wil ek bely dat, alhoewel daar oor die eeue verskillende menings, uitsprake en debatte gevoer is oor wie God is, dit onmoontlik is om God op te som. Die verduideliking en evaluering wat ek gee is bloot op grond van die openbaring oor in die Skrif en oor die eeue. Ek wil by Paulus se woorde in Romeine 11:33-36 aansluit:

Aan God die eer

33O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!

Hoe ondeurgrondelik is sy oordele,

hoe onnaspeurlik sy weë!

34"Wie ken die bedoeling van die Here?

Wie gee Hom raad?

35Wie bewys Hom 'n guns,

sodat Hy verplig is om iets terug te doen?

36Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.

Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid! Amen.

Wanneer daar gekyk word na die oorwegings van die verskillende teoloë wil ek by Migliore aansluit en beklemtoon dat God in Sy Drie-enigheid, ten diepste verhoudingsmatig is. In Hom is daar energie, lewe, kreatiwiteit en verhouding. Hy

bestaan van die begin van tyd as 'n wese wat in liefde uit Sy krag, weerloosheid omhels.

Moltmann maak 'n belangrike opmerking wanneer hy meen dat ons die Drie-eenheid moet verstaan in terme van die kruisgebeure, en dat ons die kruis moet verstaan in terme van die Drie-eenheid. Hoe Vader, Seun en Gees dit laat uitspeel het maak dit soveel meer kompleks, maar spesifiek binne die konteks van verlossing. Wanneer dit nie gebeur nie, bestaan die moontlikheid dat ons in die slaggat sal trap, en net nog 'n ander monoteïstiese Godsbeeld sal hê. Plantinga, Thompson en Lundberg beklemtoon ook dat, alhoewel ons nie vir God ten volle kan verstaan nie, dit 'n negatiewe invloed het as ons dinge net sou aanvaar, veral die Drie-eenheid omdat daar soveel meer is om raak te sien en te ervaar.

Die verhoudingsmatigheid van God in die Drie-eenheid word ook prominent by die Kappadosiërs en die Ooste aangetref. Die *Perikorese* in die Triniteit is 'n voorbeeld hiervan, waarop later uitgebrei sal word.

Augustinus konsentreer baie op die rasionaliteit van die mens wat 'n produk is van die feit dat die mens in God se beeld geskape is. Hy skryf dit toe aan die Vader, Seun en Gees wat dan ook die mens se geheue, verstaan en wil verduidelik.

Heyns beskryf dat God in sy Drie-eenheid Skep, herskep en ook die Voleinder is. Ons is dan in hierdie skepping deel van God se storie. Calvin merk op dat die blote kennis van God as Skepper nie genoeg is nie, maar dat elke persoon van die Drie-eenheid op 'n spesiale manier 'n rol/funksie? in verlossing vervul.

Barth se standpunt dat God self die openbaring en die effek daarvan is, is ook belangrik om te noem. Hierdie openbaring skep 'n ruimte vir nuwe moontlikhede, omdat Hy die effek daarvan ook is. Die Drie-eenheid is wat die Christendom onderskei, en daarom moet ons Trinitaries dink.

HOOFSTUK 2

DIE MISSIO TRINITATIS EN/AS DIE DRIE-ENIGE GOD SE BEWEGING IN DIE WÊRELD

Dit is belangrik om die begrip *Missio Trinitatis*, waarmee gereeld gewerk word behoorlik te verstaan. Wanneer ons na die term kyk, sien ons eerstens dat dit te doen het met sending (missio). Daarna sien ons dat dit ook te make het met die Drie-eenheid (Trinitatis). In hierdie hoofstuk word kennis geneem van sending en die beweging tot by die term *missio Trinitatis*.

2.1 Sending: Van toe tot nou – beweging na *missio Trinitatis*

Verster (2016:559) verduidelik dat Voetius se bekende bepaling van die doel van sending drievoudig is: *conversio gentilium*, *plantatio ecclesiae* en *manifestatio gratiae Divinae*. Dit sluit in die bekering van die ongelowiges, die vestiging van die kerk en die openbaring van die eer en heerlikheid van God. (Bosch 1991:262). Vanuit hierdie drieledige doel, kan ons sending ook verduidelik as die oordra van die evangelie van Jesus Christus na persone om hulle tot geloof te bring en in die kerk te laat tuiskom tot God se eer. As ons ook kyk na die klassieke beskouing van die sending, is dit dikwels beskou as die oordra van die evangelie na ongelowiges sodat hulle tot geloof kon kom (Bosch 1979:13 e.v.).

Verster (2016:559), aan die hand van (Bosch 1979:136) en (Sanneh 1992:105) verduidelik verder dat die Westerse kultuur 'n groot rol gespeel het tydens die hoogbloei van protestantse sending. Hier het Livingstone byvoorbeeld die drie C's van sending neergelê. Hierdie C's is *Commerce*, *Civilisation* en *Christianity*. Dit het vir hom daarvoor gegaan om die stryd teen armoede, slawerny en bygeloof met hierdie drie aspekte te bestry. Die idee was dat die Christelike sending deur die verkondiging van die evangelie 'n groot en positiewe invloed op gemeenskappe kon uitoefen. Krapf, aan die ander kant, was meer krities hieroor (Ward 1999:214). Hy het gemeen dat die blote evangelie oorgedra moet word, en dat die kultuur onversteurd kon kontinueer.

Verster (2016:560) maak melding van Dawid Bosch in 1991 se belangrike werk, *Transforming Mission*, wat 'n nuwe era ingelui het. Hy stel daarin voor dat die

sending vanuit 'n nuwe opkomende paradigma wat as 'n ekumeniese benadering beskou word, hanteer behoort te word. Dit is dan belangrik om sending as holistiese opdrag te benadruk. Verskillende aspekte daarvan moet oorweeg word en die *missio Dei* word dan die beslissende element van die sending. Daaruit word die *missio ecclesiae* en *missio humanitatis* na vore gebring. Bosch was vir jare lank die rigtinggewende teoloog in die veld van die Sendingwetenskap. Die gevolg was dat sending nou veel ruimer as vantevore beskou word, en ook sterk holistiese trekke vertoon. Terwyl persoonlike evangelisasie nie afgewys is nie, het hierdie nuwe verstaan en verruiming van die sendingbeskouing tot die erkenning van die kulturele verstaan van gemeenskappe gelei, en gemeenskapsgerigte sending wat as 'n positiewe ontwikkeling beskou moet word, was die gevolg.

Bevans en Schroeder (2006:348) brei hierdie belangrike ontwikkeling verder uit. Hulle meen dat sending die deelname in die *missio Dei* is. Verder is dit die bevrydende diens in die koninkryk van God, die verkondiging van Jesus as universele Redder, en veral ook die profetiese dialoog en die intensiewe betekenis daarvan in gemeenskappe. Vanuit hierdie perspektief het die sending groot impak gemaak in gemeenskappe. Dit het plaasgevind deur dinamiese dialoog tussen die Skrif, die tradisie, die kerk en die gemeenskap. Hulle meen verder dat sending vandag eerstens gekenmerk moet wees as 'n oefening van dialoogvoering. Die lewe van God openbaar 'n perfekte gemeenskap van geskenk en ontvang, identiteit en openheid vir die ander, gemeenskap in verhouding en gemeenskap in sending. Op dieselfde wyse behoort die kerk wat deur daardie sending geroep word 'n gemeenskap te wees wat haarself nie net gee vir diens aan die wêreld en die kulture van die wêreld nie, maar ook leer deur haar betrokkenheid en uitbrei in verbeelding van die diepte van God se onbegryplike rykdom.

Skreslet meld in sy *Comprehending mission* (2012) dat sending vanuit die totale omvang van die sendingsteologie verstaan moet word. Dit sluit alle aspekte van sending in, soos die proses van verandering van godsdiens, die werklikheid van geloof en die totaal integreerende aspek van sending (Skreslet 2012:14, 15) in (Verster 2016:560). Dis belangrik om kulturele aanpassing te verstaan. Dis ook belangrik om verstaan hoe die sending vanuit hierdie kulturele aanpassings invloed uitoefen op ander gemeenskappe. Die uitwerking hiervan is diepgaande. Sending het verandering

op vele vlakke teweeggebring. Daar moet egter ook gewys word dat daar wel ernstige vrae vanuit die sendingwetenskaplike hoek gevra word oor die sending met die uitdagings wat vandag in die gesig gestaar word, hierdie uitdagings moet hanteer deur 'n steeds meer omvattende benadering te volg (2012:70-6).

Newbegin (1989:222 e.v.) in Verster (2016:561) vra 'n ingrypende vraag na die betekenis van die evangelie binne die huidige kultuur van die missionale kerk en hoe dit na vore kom. Die beklemtoning dat die *missio Dei* as die *missio Trinitatis* verstaan word is die grondslag van die missionale kerk.

Flett (2010:Kindle) meen dat die *missio Dei* se Trinitariesheid teen 'n afstand van die Christologie ontwikkel het. Propagandistiese imperialistiese missionêre metodes is beskou as 'n gevolg van 'n bysiende fokus op Jesus Christus. God se sending van sy Seun en Gees het sy sturende natuur geopenbaar. Die herdink van sending in terme van God se Drie-enige natuur was krities om dit te onderskei van die mens se feilbare werk.

Volgens Verster (2016:256) verwys Nikolajsen (2013:256) na die verskuiwing wat in Newbegin se sendingwetenskap voorgekom het aan die einde van die 1950's en begin 1960's, naamlik van 'n Christosentriese oriëntasie na 'n Christosentriese fokus binne 'n Trinitariese benadering. Die Vader is die heerser van die wêreld en die geskiedenis, en hierbinne voer Hy sy sending uit. Deur Israel se verkiesing, en deur Christus en later die kerk word die sending voltooi. Soos Christus, moet die kerk haar sending deur die Gees volbring en in wese missionaal bly. Nikolajsen (2013:259) verwys verder, wat die *missio Dei* betref, daarop dat die sending by God begin, en nie by die kerk nie: "*On one hand, the nature and calling of the church is its sending by God into the world; on the other hand, the church must pray and strive to be part of the mission of God.*" Hierdie ontwikkeling het tot gevolg gehad dat die sending verruim het, en dat nuwe implikasies na vore gekom het, soos dat die kerk meer en meer na buite gerig moet wees.

Verster (2016:562) meen dat die vraag na die sendingteologie in alle aspekte van sending sterk na vore kom. Wanneer oorweeg word hoe die sending die moreel-etiese lewe bepaal, sal die volle betekenis van die *missio Trinitatis* in die gemeenskap in sy

volheid na vore gebring moet word. Sending sal dus vanuit die *missio Trinitatis* moet kyk na die volle bestaan van die mens. Sending sal verder ook alle aspekte van die mens se moreel-etiese lewe raak. Dit beteken egter nie dat die kerk sy ruimte as samelewingsverband oorskry nie. Met die nodige nederigheid, kan die kerk die ander samelewingsverband vanuit die *missio Trinitatis* benader, maar altyd in die diens van die geslagte Lam van God. Die sending kom gebroke, en in diens na die wêreld toe.

Flett (2010:Kindle) begin die hoofstuk 'The Trinity is a Missionary God' in sy boek *The witness of God: The Trinity, Missio Dei, Karl Barth, and the Nature of Christian Community* met 'n aanhaling van Karl Barth:

If God requires and makes possible that He should be served by the creature, this service itself means that the creature is taken up into the sphere of divine lordship. We have always to remember that God's glory really consists in His self-giving, and that this has its centre and meaning in God's Son, Jesus Christ, and that the name of Jesus Christ stands for the event in which humanity, and in humanity the whole of creation, is awakened and called and enabled to participate in the being of God.... The self declaration of God is true and real, which means that God Himself is God in such a way that He wills to have the creature as a creature with Him, that He does not will to be God without it, without claiming it, but also without being personally present to it (Barth).

Hier aanhaling som op treffende wyse op dat God se heerlikheid bestaan in die manier waarin Hy gee, en dit is gegrond in die betekenis van God se Seun, Jesus Christus waardeur die mens en die skepping wakker gemaak word. Dit beteken dat Hy teenwoordig is in die lewe van sy skepsels, en dat ons daardeur kan deelneem in sy lewe.

Die feit dat die sending gebroke, in diens na die wêreld kom, vanuit die *missio Trinitatis*, maak versoening ook moontlik. Daar sal later in die studie verder hierop ingegaan word.

Tennent (2010) skryf in sy boek, *Invitation to World Missions, A Trinitarian Missiology for the Twenty-first Century*, oor sending vanuit die Drie-eenhedsperspektief. Hy meen dat God die Vader die Bron, Inisieerder en die Doel van sending is. Dit is baie bevrydend omdat die objek van sending in die verlede baie keer nie teologies korrek was nie. Byvoorbeeld, om te beweer dat sendelinge in 1823

die Evangelie na Afrika gebring het, mag dalk histories korrek wees, maar Teologies is dit minder korrek. Dit is waarom dit so belangrik is om die Afrika teoloog, John Mbiti te hoor sê dat dit nie die sendeling was wat vir God Afrika toe gebring het nie, maar God wat die sendelinge gebring het. Dit is natuurlik 'n groot onderskeiding om te maak, om die fokus terug te plaas op God se inisiatief, en nie op dié van mense nie. Sending is uiteindelik die werk van die Drie-enige God, geïnisieer deur God die Vader, vir Sy ewige heerlikheid.

As ons na die Vader kyk as die een wat stuur word ons herinner aan die belangrike onderskeiding tussen die immanente en die ekonomiese Drie-eenheid. Die immanente Drie-eenheid verwys na die innerlike lewe van die Drie-eenheid in God se eie Self, apart van Sy daad en verhoudings met menslike geskiedenis. Die ekonomiese Drie-eenheid verwys na die verskeie maniere hoe die Drie-enige God in die geskiedenis optree en interaksie het met mense. In menslike geskiedenis is dit dus Jesus wat die kerk stuur, maar vanuit 'n baie dieper perspektief van die innerlike natuur van die Drie-enige God, is dit die Vader wat die bron is van alle sending (Tennent 2010:75-76).

Hy (Tennent) stel God die Seun, as die beliggaamde *Missio Dei* uit:

Lesslie Newbiggin observeer dat die missie van Jesus nie net was om die Koninkryk van God te verkondig nie, maar ook om die teenwoordigheid van die Koninkryk van God te beliggaam in Sy eie liggaam. Een van die fundamentele lesse van die inkarnasie is dat Jesus nie bloot 'n boodskapper van goeie nuus was nie, maar die beliggaming daarvan. Die kerk moet as 'n missionale gemeenskap nie slegs die boodskap dra nie, maar dit ook beliggaam. Die kerk moet die inkarnasie reflekteer as dié aangaande uitbeelding van die ontvouende drama van God se sending/missie in die wêreld (Tennent 2010:82).

Hy (Tennent) stel God, die Heilige Gees voor as die bekragtigende teenwoordigheid van die *Missio Dei*: Die kerk is fundamenteel 'n gemeenskap van verkondiging. In hierdie sin is Pinkster 'n belangrike skeiding tussen die Ou Testament *kahal* (gemeente) en die Nuwe Testament *ekklēsia* (kerk). Net voor Jesus se hemelvaart beveel Hy Sy dissipels om te wag vir die teenwoordigheid en die krag van die Heilige Gees voordat hulle voortgaan met die verkondigingsgemeenskap. Met Pinkster is die

kerk bemagtig om die gemeenskap van verkondiging te wees wat die aanbreek van God se Ryk in woord en daad beliggaam het. Hierdie nuwe verkondiging is eksplisiet verstaan as 'n uitbreiding van die bediening van die Heilige Gees in en deur die wêreld.

Die sentrale deel hoe die Heilige Gees die Nuwe Skepping in die hede inbring is deur die kerk te bemagtig om die Evangelie in die wêreld te verkondig in woord en daad te midde van al die kontekstuele uitdagings wat die huidige bose orde voorstel (Tennent 2010:95-96).

In sy boek, *Lichaam en Geest van Christus* lê Van de Beek (2012:30-31) klem op die eenheid van God. Die eerste van die *notae ecclesiae* is die eenheid. Dit is nie willekeurig nie. Die eenheid van die kerk is fundamenteel. Dit is geleë in die eenheid van God. Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God ons geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

Van de Beek (2012:30-31) beklemtoon verder God se eenheid, en dat hierdie eenheid van die kerk gebaseer is op die eenheid van Christus en die Vader. In Hom neem ons deel, of partisipeer ons in die lewe van God. Die Godheid van die Seun is gefundeerd in Sy eenheid met die Vader. Daarin is die heil van die kerk geleë en daarin is haar eenheid met Christus en dus die eenheid met mekaar as een liggaam essensieel. Jesus sê egter ook nie net "Ek in U" nie, maar ook "U in My". Die eenheid van God beteken nie alleen dat die Seun één is met die Vader nie, maar dat die Vader ook één is met die Seun. Die eenheid van die kerk is nie net 'n ekklesiologiese uitspraak nie, maar ook 'n teologiese uitspraak. Daarom is die ontkenning van die kerk laster, en 'n verdeelde kerk Godslastering, waar Christus verdeel word en God verskeur word tot meer gode. 'n Verdeelde kerk is erger as 'n sondige wêreld. 'n sondige wêreld word deur God tegemoetgekom deur Sy genade. Maar hoe moet die kerk, wat haar diepste wese is, gefundeerd in God se wese wees as sy nie één is nie?

3.2 Die Drie-enige God se beweging in die wêreld

In sy boek *Exclusion and embrace* (1996), meen Miroslav Volf dat uitsluiting die primêre sonde geword het, wat ons persepsies van realiteit negatief beïnvloed en dan

veroorzaak dat ons uit vrees en angs teenoor almal wat nie in ons kring is nie, optree. In die lig hiervan moet Christene leer dat verlossing kom, nie net dat ons versoen word met God nie, en nie net dat ons moet leer om met mekaar saam te leef nie, maar ook die waaghalsige stap neem om onself oop te maak teenoor die ander, en hulle toe te vou in die omhelsing wat ons ontvang het van God.

Volf (1996:127) haal vir Moltmann aan in die deel wat handel oor die omhelsing van ander, dat die natuur van die Drie-enige God gereflekteer word in die kruis van Christus. Die teendeel is ook waar, die kruis van Christus is ingeëts in die Drie-enige God; Christus se passie is God se passie.

Soos Rowan Williams dit stel: *“the inconceivable self-emptying of God in the events of Good Friday and Holy Saturday is no arbitrary expression of the nature of God: this is what the life of the Trinity is, translated into the world”* (Williams 1979:177) in Volf (1996:127).

Volf (1996:127) meen dat ‘n Drie-eenheidsteologie van die kruis ons lei om dan te vra wat die lewe van die Drie-eenheid vertaal in die wêreld is, en hoe dit ons verhoudings met ander moet vorm.

Volf (1996:127-128) meen verder dat ‘n mens eers moet let op die twee dimensies van die passie van Christus: self-gewende liefde wat menslike vyandskap oorkom en die skep van ‘n ruimte in Homself waar Hy vyandige mense ontvang. Hierdie selfde gee van die self en ontvang van die ander is twee noodsaaklike momente in die ewige lewe van die Drie-eenheid; inderdaad, met die Drie-enige God van volmaakte liefde is hulle eenders. Beide dié wat volgens die tradisie ‘n hiërargiese siening van die Drie-eenheid verkies, en dié wat volgens onlangse tendense ‘n meer nie-hiërargiese siening verkies, stem saam dat die lewe van God ‘n lewe van self-gewende en ander-ontvangende liefde is. As gevolg hiervan, kan die identiteit van elke Trinitariese persoon nie apart gedefinieer word van ander nie.

Volf (1996:128-129) sê dat Wanneer die Drie-eenheid na die wêreld draai, word die Seun en die Gees, in Iranaeus se treffende beeld, die twee arms van God deur wie die mensdom geskep is, en in God se omhelsing ingebring word. Dieselfde liefde wat nie-

self uitgesluite identiteite in die Drie-eenheid soek om in God ruimte te maak vir die mensdom. Die mensdom, is nie net God se ander nie, maar ‘n vyand wat die geliefde ander geword het. Wanneer God dan gaan om die vyand te omhels, is die kruis die gevolg. Aan die kruis maak die dansende sirkel van self-gewende en wedersydse inblywing van die Goddelike persone oop vir die vyand, in die foltering van die passie stop die beweging vir ‘n kort oomblik en ‘n groef maak oop sodat sondige mensdom kan deel raak (sien Joh 17:21). Ons, die ander – ons, die vyande – word dan omhels deur die Goddelike persone wat ons liefhet met dieselfde liefde waarmee hulle mekaar liefhet en maak daarom ‘n ruimte vir ons binne in hulle ewige omhelsing.

Venter (2004) skryf in sy artikel, *Trinity and Mission: Challenges to a reformed witness in Africa today*, dat die term *Missio Dei*, waaraan die kerk bevoorreg is om deel te neem, ‘n missiologiese aksioma geword het. Die vraag of dit nie noodsaaklik is om te praat van die *Missio Trinitatis* nie, kan gevra word.

Een manier om die belangrikheid van die *missio Dei* as *missio Trinitatis* te bekyk, is deur die natuur van die lewe van die Drie-eenheid uit te lig wat gekarakteriseer word deur vrugbaarheid, ekstase, selfkommunikasie, wederkerigheid en verhouding. Die God wie se missie op die spel is, is ‘n God van liefde, van gemeenskap. Sending is die uitbreiding van die uitnodiging om ‘n spesifieke nuwe wêreld in te gaan, ‘n Trinitariese ruimte, waar die God van gemeenskap sy gasvryheid uitgee. Sending is die ekstadiese beweging van die kerk na die wêreld; die ekstadiese gemeenskap wat dit self word. Die Trinitariese ruimte wat by die kerk gemediteer word, behels God se self-gee, God se almal-omhelsende omgee (Venter 2004:758).

Koopman (2004) skryf ‘n baie relevante artikel genaamd, *Bonhoeffer and the future of public Theology in South Africa. The on-going quest for life together*. Hy beskryf die lewe saam as ‘n Trinitariese geskenk. Bonhoeffer verduidelik dat Jesus Christus self ons vrede, ons eenheid, en die fondasie van ‘n lewe saam is. “Ons het toegang tot mekaar, vreugde in mekaar, en gemeenskap met mekaar deur Christus alleen.” Die saam lewe van Christene is deur God geskep in en deur Jesus Christus. Die gemeenskap is nie ‘n ideaal wat ons moet realiseer nie, maar ‘n realiteit wat deur God geskep is en waarin ons mag deel. Dit is nie ‘n psigiese of emosionele realiteit nie, maar ‘n geestelike een, geskep deur die Gees. Die gemeenskap van Christene is nie ‘n

gemeenskap van onmiddellikheid wat afhanklik is van sondige mense nie, maar is ‘n gemeenskap wat altyd deur Christus bemiddel word. Volle gemeenskap met die ander word net gevind in Christus wat ons saambind. Waar die mees weerloosste mense uitgesluit word van die gemeenskap van die Christene, daar word Christus self uitgesluit. Ons moet waak teen ons eie geïdealiseerde sienings oor die Christelike gemeenskap, wat moontlik in stryd mag wees met hierdie eienskappe van Christelike gemeenskap. “Daardie wat die droom van die Christelike gemeenskap liever het as die Christelike gemeenskap self word vernietigers van daardie Christelike gemeenskap al is hulle persoonlike intensies eerlik, ernstig en opofferend.” Ons deelname aan die lewe saam is gebaseer op die geregtigheid van Jesus Christus. Dié wie deelneem aan die lewe saam in Christus is gekies van ewigheid af, aanvaar in tyd, en eenheid vir ewig. Lewe saam is ‘n fisiese bewys van die teenwoordigheid van die Drie-enige God. In die teenwoordigheid van ander Christene beleef ons die teenwoordigheid van die Skepper, die Versoener en die Verlosser, van die Vader, die Seun en die Heilige Gees (Koopman 2004:991-992).

In Richard Rohr se boek, *The Divine Dance*, lê hy klem op die verhouding, wat God self is, en ook dat die verhouding die voertuig is waardeur God werk. Hy verduidelik dit ook op ‘n manier dat heilige mense, mense is wat ten alle koste in verhoudings kan bly. Mense wat toksies, psigopaties of sosiopaties is altyd die mense wat nie verhoudings kan hou nie. Hulle hardloop weg (2016:44-45).

Jesus Christus se opstanding uit die dood, die stuur van die Heilige Gees, en die stuur van sy gemeenskap in die strate in en tot aan die uithoeke van die wêreld om sy naam te verkondig openbaar die natuur van God se eie perfeksie, in en vir Homself.

Sending, as die voleinding van versoening is die profeet Jesus Christus wat deur die krag van die Gees optree. Hy is “alleen die een wat optree en stuur onderdanig aan die diens van God”. Niemand anders nie, nie eens die gemeenskap in/en? haar ooreenstemmende missionêre bestaan kan hierdie vir Hom laat gebeur nie. In Jesus Christus is die gedifferensieerde gemeenskap van die goddelike en die menslike alreeds ‘n bereikte realiteit. Sulke stellings, volgens kritici, beperk die menslike missionêre respons. Maar, Jesus Christus se profetiese werk en die menslike daad is nie binêre teenoorgesteldes nie; sending as die gebeurtenis van Jesus Christus se eie

self-beleid is die basis van die missionêre bestaan van die Christelike gemeenskap (Flett 2010:248).

Soos wat God 'n missionêre God is, so is “openbaring ook versoening, so seker as wat dit God self is: God met ons; God langs ons; en beslissend, God vir ons.” Versoening is God wat Homself in vryheid aan mense gee, en sodoende, om vir Webster aan te haal, “...openbaring het 'n doel.” God maak Homself nie eenvoudig in sy ekonomie bekend nie, maar Hy oorkom die gaping tussen Homself en hulle wat in vyandskap met Hom leef. Versoening opsig self is die uitgestrekte realiteit van God se wese, en so is dit wat daaruit voortspruit “nie in ditself ingesluit nie, maar beweeg uit, 'n kommunikatiewe gebeurtenis. Dit word nie 'n gebeurtenis in enige ander manier as wat dit ditself ook uitdruk, openbaar en bemiddel nie” (Flett 2010:248).

2.3 Opsommende opmerkings

Tennent stel dit mooi deur na elke persoon van die Drie-eenheid te verwys en te verduidelik wat elkeen se rol is: Die Vader as die begin en die een wat stuur, Christus as die beliggaaming daarvan en die Gees as die een wat die kerk bemagtig om ook uit te gaan, te verkondig en die boodskap te beliggaam. Hier sien ons die waarde van die ekonomiese verstaan van die Drie-eenheid.

Ek dink dit is belangrik omdat dit die vertrekpunt is van ons gestuurdheid: Dat God dit begin, beliggaam en die kerk bemagtig.

Bram van de Beek (2012) beklemtoon dan die eenheid van hierdie kerk waarin ons as gelowiges staan en funksioneer. Hierdie gemeenskap waaraan ons behoort is gebaseer op die eenheid van die Vader en die Seun. Dit is in hierdie eenheid waarin ons ingenooi word en waarin ons deelneem. Dit is van kardinale belang om hierdie eenheid te snap, omdat dit nie 'n eenheid is wat ons kan skep nie, maar wat reeds daar is, en waarin ons ook ingenooi word.

Met die kruis is die skeiding wat daar tussen God en die mens was gebreek, en versoening is bewerkstellig. Hoekom? Want die eenheid is herstel. God het ons geskep om in eenheid met Hom en met mekaar te lewe. As versoendes. Daarom soveel klem op die eenheid van God.

Miroslav Volf skryf op 'n treffende manier wanneer hy die omhelsing van die ander aanspreek. Hy verduidelik hoe die Drie-eenheid, in Sy wese heeltyd aan die beweeg is en liefde gee en ontvang. Met die kruis is hierdie beweging vir 'n oomblik gestaak, en die sondige mensdom is ingelaat om saam deel te neem aan hierdie beweging van self-gewende liefde. Wanneer die Drie-eenheid na die wêreld draai om die ander, die vyand te omhels, is die kruis die gevolg.

Ek wil beklemtoon dat hierdie ruimte wat deur die Drie-eenheid geskep word, en waarin die Drie-eenheid nog van alle tye af bestaan, die ruimte is waar versoening met die ander kan plaasvind. Hierdie spasie van self-gewende en ander-ontvangende liefde is die enigste plek waar versoening kan waar wees.

Venter beklemtoon dat sending 'n Trinitariese ruimte is, en dat die Missio Trinitatis al hoe meer beklemtoon moet word. Dit is belangrik omdat hierdie 'n spasie van verhouding is wat insluitend en omhelsend is.

Koopman brei ook uit dat die lewe saam 'n Trinitariese geskenk is en dat dit net moontlik is in die Drie-eenheid. Hier is ook iets van self-opoffering en 'n agterlaat van eie ideale van wat gemeenskap is. Rohr verduidelik ook iets van daardie verhouding wat waar is in die Drie-eenheid, en waarna ons dan as mense smag.

HOOFSTUK 3

DIE DISKOERS OOR VERSOENING IN SUID AFRIKA EN ANDER VOORSTELLE

Omdat ons as gelowiges glo dat die evangelie, en die heilsgebeure vir almal bedoel is, en dat versoening daardeur bewerkstellig is, lewe ons met 'n hoop op versoening. Spesifiek in ons konteks, in Afrika en Suid Afrika, is daar 'n geskiedenis van verdeeldheid, geweld, uitsluiting en opposisie. Versoening is dus in ons konteks 'n relevante tema, en daar is verskillende menings en voorstelle oor hoe om versoening moontlik te maak in Suid Afrika. Ons gaan na van hierdie pogings en voorstelle kyk, vanuit 'n Suid Afrikaanse konteks, in die Afrika konteks en ook waardevolle menings van ander bestudeer om te kyk of 'n lewe saam werklik moontlik is.

In die Suid Afrikaanse diskoers gaan ons kyk na die Waarheid-en Versoeningskommissie en hulle werk. Vervolgens gaan ons ook kyk na ander rolspelers en voorstelle in Suid Afrika.

Daarna gaan word 'n antropologie van versoening verdiskonteer, en spesifiek in Afrika met terme soos Ubuntu en die rol wat die verstaan daarvan in versoening kan speel.

Laastens word ander se menings in oënskou geneem wat moontlik iets vir ons kan leer in terme van versoening en 'n lewe saam.

4.1 Die diskoers in Suid Afrika

Wanneer na versoening in Suid Afrika verwys word, is dit onmoontlik om nie te verwys na die Waarheids- en Versoeningskommissie nie. Van der Borgh (2015) ondersoek die manier waarop die kommissie gefunksioneer het, en fokus op die gelaagde betekenis van die konsep van versoening binne die Kommissie. Hy verduidelik hoe dit kerke was wat aanvanklik, voor 1985, primêr hieroor gepraat het. Sake soos die *Kairos* dokument spruit hieruit voort.

Vanaf 1985 het versoening 'n term geword wat wyd in die publieke diskoers gebruik is. Voorbeelde hiervan is die Suid Afrikaanse regering, die partye, die burgerlike

samelewing ensomeer (Van der Borgh 2015:416).

Wanneer dit kom by versoening in die Waarheids- en Versoeningskommissie, word die Suid Afrikaanse teoloog John de Gruchy dikwels aangehaal. Hy meen dat die woord so oorlaai is met dubbelsinnigheid in sommige kontekste, en amper betekenisloos in betekenis vir ander, dat ons wel mag wonder of dit 'n sinvolle term is om te gebruik (Von der Borgh 2015:420).

Die onsekerheid van die term word gereflekteer in die verslag van die Kommissie self:

The experiences of the Commission illustrated the particular difficulty of understanding the meaning of unity and reconciliation at a national level. They also highlighted the potentially dangerous confusion between a religious, indeed Christian, understanding of reconciliation, more typically applied to interpersonal relationships, and the more limited, political notion of reconciliation applicable to a democratic society.

Megan Shore verduidelik hoe verskeie navorsers die dubbelsinnigheid van die Kommissie op verskillende manier verduidelik. Hugo van der Merwe en Brandon Hamber identifiseer vyf ideologieë wat versoening binne die Kommissie inspireer: die nie-ras ideologie van versoening wat deur die ANC gepropageer is, die intergemeenskaplike ideologie deur die Nasionale Party, die menseregte benadering van versoening deur nie-regerings organisasies, die versoening as gemeenskapsbou, en laastens, die godsdienstige ideologie van versoening in terme van vergifnis (Van der Borgh 2015:421).

Volgens hierdie twee navorsers, is die aanvanklike godsdienstige ideologie met die klem op vergifnis en waarheidspraak teengegaan deur politieke partye en nie-regerings organisasies, omdat dit te toegeeflik teenoor die vervolgers was. Die sosiale antropoloog, Richard Wilson sien drie mededingende narratiewe van versoening binne die Waarheids- en Versoeningskommissie raak: 'n wetlike-prosedure wat vereis is deur wetsgeleerdes en regters, die intellektuele narratief wat gepropageer is deur die Menseregteskendingskomitee en sy navorsingseenheid, en dan die gewildste een, die godsdienstig-bevrydende een wat uitgedruk is in terme van skulderkenning, vergifnis en bevryding, en daarmee wegdoen met wraak, soos voorgehou deur Aartsbiskop Desmond Tutu en ander lede van die Herstel- en Rehabilitasiekommissie, gemik op individuele en nasionale versoening (Van der Borgh 2015:421-422).

Maar om te verstaan wat versoening beteken het in die tyd van die kommissie, moet mens nie net probeer om te onderskei tussen die verskeidenheid narratiewe wat gedek is deur die woord versoening, maar ook bewusraak van die karakter van die konsep van die kommissie. In sy verslag, verduidelik die kommissie die karakter wat geheers het deur Christelike liturgiese elemente (van der Borght 2015:422):

All the hearings were to have a ceremonial aspect: the chairperson's opening remarks were often preceded by prayer, by the lighting of a memorial candle, by hymns or songs. When Archbishop Tutu presided, he wore his purple robes, lending his own special presence to the occasion. This religious aspect of the hearings was sometimes criticised, especially for its mainly Christian focus. It became clear, however, that this was not inappropriate in a country where a considerable majority of the population is Christian. In later hearings, when Archbishop Tutu himself was not present, other religious leaders were often asked to pray. Often as well, local community groups would introduce songs and ceremony.

Toe daar vir Aartsbiskop Desmond Tutu gevra is oor sy tydperk as voorsitter van die Kommissie het hy verduidelik hoe Teologie 'n rol gespeel het in die Kommissie in terme van die onderskeiding wat gemaak word tussen 'n oortreder as 'n sondaar wat geroep word na belydenis, en 'n monster, en doen dit in terme van die erkenning van die morele heelal, waar die goeie en die bose saakmaak. Dit lei hom as Christen tot die gevolgtrekking dat daar geen toekoms is sonder vergifnis nie (Van der Borght 2015:424).

Volgens Van der Borght (2015:424) beteken hierdie verskillende interpretasies van die konsep van versoening in die Waarheid- en Versoeningskommissie deur kommissarisse, sosiale wetenskaplikes en teoloë dat dit bevestig dat daar 'n permanente spanning bestaan het tussen die verskeie maniere van verstaan van versoening binne die Kommissie. Volgens Shore, is die groot diskrepasie die politieke interpretasies wat gefokus was op nasionale versoening, en 'n morele/godsdienstige benadering wat gefokus was op individuele en interpersoonlike versoening. Hierdie word bevestig in die reeds aangehaalde teks van die eerste boek van die kommissieverslag: '*...the potentially dangerous confusion between a religious, indeed Christian, understanding of reconciliation, more typically applied to interpersonal relationships, and the more limited, political notion of reconciliation applicable to a democratic society.*'

Van der Walt (2008:355) beklemtoon ook dat die Kommissie 'n uiters uitdagende

taak gehad het in terme van individuele skuld. Hy sê ook voorts dat verskeie mense al hulle vertwyfeling in die kommissie uitgespreek het. Die twyfel gaan nie noodwendig daaroor om die verlede toe te smeer nie, maar hul het wel vrae soos die volgende gevra: Kan die regte, objektiewe, gebalanseerde waarheid ooit gevind word? Wie sal veroordeel word? Wie sal die regters wees? Volgens wie se norme sal hulle veroordeel word? Watter doel sou die hele proses hê?

Volgens Gathogo (2012:74) beteken versoening letterlik om vernielde of gebroke bande van eenheid en vriendskap tussen God en mens, en tussen mens en mens, te herstel op 'n persoonlike asook 'n gemeenskaplike vlak. In die woorde van Charles Villa-Vicencio, is daar nie noodwendig vergifnis betrokke by versoening nie, omdat vergifnis verwys na die heling van die sielkundige en geestelike wonde van lyding in die verlede. Hy haal vir Pous Johannes Paulus II aan wat sê dat vergifnis die reiniging van die geheue behels, 'n situasie waar die verlede geen meer negatiewe invloed op die hede het nie. In Villa-Vicencio se siening bereik min nasiesmense? hierdie vlak van innerlike vrede, en moet hulle dalk nie. Vir hom is geregtigheid dus altyd in spanning met versoening.

Versoening vanuit die Teologie

Beyers Naudé lewer 'n preek in 1963 oor versoening, aan die hand van 2 Korintiërs 5:15-21, en maak 'n paar belangrike opmerkings in (Coetzee, Hansen en Vosloo 2013:177). Hy meld dat versoening nie net 'n Bybelse term is nie, maar ook 'n Bybelse waarheid – 'n Nuwe Testamentiese konsep wat ons moet begryp en toepas met eerlikheid en nederigheid, as ons onself Christene wil noem. Hierdie is 'n Christelike konsep, wat die wêreld uitsluit, omdat die wêreld niks weet en verstaan van versoening nie. Die wêreld weet wel van kompromie en toegewing, asook paaibeleid en aanpassing, maar versoening is 'n nuwe konsep, wat net die Nuwe Testament verkondig het omdat dit in wese die hoogste daad van die liefde van God om die ware verhouding tussen God en mens, en tussen mens en mens te restoureer, beteken (Coetzee, Hansen en Vosloo 2013:177).

Hierdie versoening kan net gerealiseer word deur 'n daad van opoffering soos dit waar geword het toe die Seun van God mens geword het in die volheid van tyd. Hierdie was die ware betekenis van die inkarnasie, om vir die hele wêreld deur al die

eeue te demonstreeer dat in Jesus Christus, God die groot Versoener geword het (Coetzee, Hansen en Vosloo 2013:177).

Wat word hierdeur geïmpliseer?

Eerstens impliseer dit duidelik dat 'n totaal nuwe verhouding tussen God en mens geskep is waarbinne die mens tot sy ewig-groeiende verbasing ontdek dat God hom roep na 'n nuwe verstaan, 'n nuwe houding en 'n nuwe aanvaarding van die basis van Sy vergifnis wat vir alle mense aangebied word. Daarom is vergifnis 'n essensiële element van die hele konsep van versoening; sonder die bereidwilligheid om waarlik en heeltemaal te vergewe, is geen versoening moontlik nie. Die lewe van Christus is die perfekte bewys daarvan (Coetzee, Hansen en Vosloo 2013:177-178).

Tweedens moet ons ook beseef dat hierdie aanbod van God nie vir die kerk gemaak is nie, nie vir die Christene as 'n unieke groep nie, maar vir die wêreld, hierdie wêreld waarvan ons deel is, van alle mense en nasies wat verlore geraak het, verlore in hulle haat en twis, in hulle vrese en vooroordele, hulle selfsug en afvalligheid, hulle verskeurdheid en bitterheid. Dit is hierdie wêreld – 'n wêreld waarbinne alle mense van alle rasse en kulture en sosiale standarde ingesluit is – wat God met Homself versoen het (Coetzee, Hansen en Vosloo 2013:178).

Derdens impliseer hierdie konsep van versoening baie duidelik dat hierdie vir God nie net betekenis gehad het in terme van 'n verbale boodskap vir die mens nie, maar dat dit geïnkarnear moes word; 'n verbale woord moes 'n sigbare daad word voordat versoening effektief kon plaasvind. Dit was die prys wat God bereid was om te betaal – die inkarnasie van Christus, die Versoener van God met die mens (Coetzee, Hansen en Vosloo 2013:178).

Vierdens, wanneer die Nuwe Testamentiese konsep van versoening behoorlik verstaan word volgens sy betekenis van God se verhouding tot die mens, dan begin ons verstaan wat dit impliseer ten opsigte van ons verhouding van mens tot mens. As God in Christus die groot versoenings tussen Hom en ons laat realiseer het, dan begin ons beseef dat alle menslike verhoudings daardeur beïnvloed en getransformeer word. 'n Nuwe kwaliteit en inhoud, 'n nuwe gees en aanpak raak dus deel van all ons verhoudings. Hierdie veranderinge moet deur Christene inisieer word, deur al ons

motiewe en gesindhede te analiseer, om te bepaal of ons sondige skeiding, in enige misverstand of vyandigheid, in enige vooroordeel of vrees ons wedersydse verhoudings as Christene besmet het. En, waar hierdie eerlikheid? bestaan, moet Christene van alle kerke, kulture en rasse waag om nie stil en tevrede te wees nie, maar alles in hulle vermoë doen, deur woorde en daade van liefde, deur voortdurende gebed, om die waarheid van versoening in al ons verhoudings teenoor alle mede-Christene te illustreer (Coetzee, Hansen en Vosloo 2013:178).

Naude vra 'n belangrike vraag: hoe word dit geïmplimenteer?

Met betrekking tot die vertrekpunt is die antwoord maklik: Daar is geen versoening moontlik sonder gesprek en kommunikasie nie. Soos God die gesprek met die mens begin het deur Christus, hierdie lewende Woord, so begeer God ook dat ons op daardie plek begin, met 'n persoonlike ontmoeting van Christen met Christen deur gesprek en gebed oor al die sake wat skeiding bring wat Christus een wil maak. Ons vertrekpunt sal altyd Christus, ons Here moet wees. Sy woord, Sy Gees, Sy voorbeeld, Sy lewe! Die oomblik wat ons dit erken, vervang 'n sentrale eenheid van oortuiging ons mindere lojaliteite, al ons klein verskille van kultuur, politiek en ras. Maar as ons weier om op hierdie basis op te tree, bewys ons nie net ons vooroordele, vrees en die beheer van haat in ons lewens nie, ons grief ook die Gees van die lewende God en verswak ons Christelike getuienis onmeetbaar in die oë van die wêreld (Coetzee, Hansen en Vosloo 2013:179).

Naudé sluit hierdie preek af deur te sê dat geen ander mag (polities, opvoedkundig, ekonomies of sosiaal – alhoewel elkeen belangrik is) enige permanente oplossing bied vir die ernstige probleme wat ons in die gesig staar nie. Net in en deur Christus en sy versoenende werk kan ons hoop om die leierskap te wees wat God van sy volgelinge verwag in so 'n belangrike tyd in ons land. Maar, hierdie ideaal kan slegs bereik word as ons ons eenheid in Christus herontdek, ons geloof in Hom as Here weer bely, en onself weer toewy aan die opofferings wat Hy verwag (Coetzee, Hansen en Vosloo 2013:180).

Omdat hierdie preek van Beyers Naude alreeds in 1963 gelewer is kan ons die vraag vra oor of sy woorde nog steeds 'n aanspraak maak op die situasie waarin ons onself

tans bevind. Ek wil meen dat hierdie woorde van Naudé nog steeds geldig is en dalk selfs nou meer van toepassing as ooit van te vore. Ek beskou dit dus inderdaad steeds relevant in 2017.

In 'n lesing by die Universiteit van die Vrystaat (Ongepubliseerd), beklemtoon Prof. Rian Venter die relasionele belangrikheid van versoening: *The Triune God and the relational turn: Implications for reconciliation in South Africa?* Hy lê klem op 'n Trinitariese teologie van versoening. Hy meen dat die draai na relasionaliteit 'n ruimte skep waaruit daar potensieel 'n Teologiese bydra kan kom vir hierdie uitdaging in die RSA konteks. Hy meen dat die herontdekking van die Drie- eenheid in die twintigste eeu beide die relasionele natuur van die Christelike verstaan van die goddelike en die progressiewe etiek van hierdie belydenis prioritiseer. Hy verduidelik dat die hart van die Christelike geloof saamgaan met die identifikasie van die God wat as Vader, Seun en Gees aanbid word.

Verder poneer Venter in hierdie lesing, dat die Drie-eenheidsbeleid 'n simbool van heling is, wat die soteriologiese karakter van versoening uitbeeld. Hy verduidelik dat die verstaan van versoening as soteriologiese daadwerklike implikasies het. Hy meld verder dat die Trinitariese simbool potensieel 'n simbool is van begeerte, wat die risiko en weerloosheid van versoening veroorsaak. Hier meen hy dat die Trinitariese simbool assosiasies van begeerte ontlok. Die Trinitariese logika behels liefde. Alreeds in die Ou Testament word YHWH ontmoet as 'n God met Patos – 'n God met intense kwaad en jaloesie wanneer liefde ontsê word. Liefde behels risiko en weerloosheid. Die Trinitariese simbool nooi na 'n lewe van dapperheid – 'n dapperheid om lief te hê en te smag. Die mees destruktiewe kragte in ons samelewing is onverskilligheid teenoor die ander, die vooropgestelde idee dat lewe vervullend kan wees sonder die radikale ander. 'n Trinitariese geloof word begelei deur 'n Trinitariese spiritualiteit – 'n spiritualiteit wat smag na die ander en wat persoonlike vervulling geniet in hierdie daad.

3.2 'n Antropologie van versoening en Afrika

As Suid Afrikaners moet ons ook iets verstaan die groter konteks waarbinne ons onself bevind. Hierdie verdeeldheid tussen mense is nie 'n nuwe aangeleentheid nie, en daar is ook voorstelle van hoe iets wat eie is aan ons konteks ons kan help in die

stryd tot versoening. Ons gaan hier iets sien van 'n antropologie van versoening en dan spesifiek in ons Afrika konteks.

Iemand wat ons baie help in terme van antropologie, vanuit 'n teologiese vertrekpunt is Dietrich Bonhoeffer. Volgens Koopman (2014:993) is sy antropologie Teologies, maar meer spesifiek, Christologies gegrond.

Bonhoeffer baseer sy relasionele antropologie op die beeld van God. Op die basis van Genesis 1:26 en ook Genesis 5:1-2 verduidelik hy dat die beeld van God nie verwys na 'n eienskap wat 'n individu besit nie. Dit verwys eerder na die vryheid van mense. Hierdie vryheid is nie iets wat ons besit, wat ons ontvang of wat ons vir ander kan gee nie. Vryheid is 'n verhouding. "Om vry te wees beteken 'vrywees-vir-die-ander', want ek is gebind tot die ander. Net in verhouding met die ander is ek vry." Hierdie vryheid van mense vir die ander, volgens Bonhoeffer, stem ooreen met God se vryheid vir die mens in Jesus Christus. Die feit is, ons analogie met ons Skepper is 'n analogie van verhouding, dit wil sê *analogia relationis*. God se vryheid is nie 'n vryheid van mense nie, maar vir mense. Hy gee Homself vir ons. Hy is by ons en vir ons. Hy bewys solidariteit aan ons. Bonhoeffer stel dat gemeenskap met God nie 'n eksklusiewe individualistiese moontlikheid is nie, maar dit sluit gemeenskap met ander mense in (Koopman 2014:993).

Bonhoeffer bied hoofsaaklik 'n Christologiese basis vir sy antropologie. Die vryheid van God vir ons is 'n vryheid in liefde en meer spesifiek is dit 'n vryheid wat in die inkarnasie en opstanding van Christus manifesteer. Hierdie vryheid vir die ander impliseer opoffering. Soos Christus bereid was om op te offer, so moet ons ook opoffer ter wille van die ander, veral die onderworpe ander. Hierdie idee van opoffering in Bonhoeffer se denke word goed verwoord in sy verstaan van dissipelskap. Bonhoeffer beklemtoon dat om Christus te volg impliseer 'n verstaan van genade as duur. In sy dae het die Protestante waardes van geloof alleen, die Skrif alleen en eer aan God alleen blote godsdienstige formalisme en wettisme geword. Hy verwerp daarom goedkoop genade en pleit vir duur genade (Koopman 2014:993).

Bonhoeffer se Christologiese antropologie impliseer dat ons lewe met dissipelskap, wat geen ruimte laat vir goedkoop genade nie, maar wat weet dat ware genade duur is. Goedkoop genade is genade wat impliseer dat ek getroos en verseker kan word sonder

om Christus te volg. Duur genade roep ons om dissipels te wees, om Christus te volg (Koopman 2014: 993-994).

Bonhoeffer verduidelik nie net die beeld van God in terme van Christus nie, maar die ontwikkeling van sy antropologie in terme van gemeenskap, spesifiek in terme van die kerk, sowel as sonde, wat ook 'n Christosentriese fokus het. Dit kan gesê word dat hy sy antropologie ekklesiologies motiveer. Hy redeneer dat om mens te wees, beteken om deel van 'n gemeenskap te wees. Gemeenskappe verskil van klein kringe, soos huwelike, families en vriendskappe na groter kringe soos mense, nasies en die hele kerk. Die hele mensdom vorm 'n gemeenskap. Deur Ferdinand Tonnies se onderskeiding tussen *Gemeinschaft und Gesellschaft* te gebruik stel hy dat hierdie gemeenskappe, in teenstelling met samelewings, 'n doel in sigself is. Hulle gee betekenis vir ons lewens. In die kerk spesifiek word die ware natuur van die mens geopenbaar. Die ekklesiologiese verstaan van die mensdom, dit wil sê dat in die gemeenskap van Christene, in die kerk ontdek ons wie ons is, het 'n Christosentriese fokus. Bonhoeffer verduidelik hierdie fokus in die formulering dat die kerk, Christus as gemeenskap beliggaam, *Christus als Gemeinde existierend*. Openbaring, Christus se persoon, bestaan in sosiale vorm in die kerk (Koopman 2014:994).

Hierdie Christologiese en ekklesiologiese verstaan van mense en menslike gemeenskappe voorkom enige idee van eksklusiwiteit en diskriminasie in terme van kategorieë soos etnisiteit, nasionaliteit, geslag en sosio-ekonomiese klas (Koopman 2014:994).

Bonhoeffer se klem op gemeenskaplikheid impliseer nie dat hy nie ruimte skep vir individualiteit nie. Hy verduidelik dit só. Hy meen dat ons erken, dat slegs wanneer ons in 'n gemeenskap staan ons alleen kan wees en slegs dié wie alleen is kan in gemeenskap lewe. Albei hoort saam. Net wanneer ons in gemeenskap is leer ons om behoorlik alleen te wees; en net wanneer ons alleen is leer ons om behoorlik in gemeenskap te leef. Dit is nie dat een die ander voorafgaan nie; altwee begin terselfdertyd, naamlik met die roeping van Jesus Christus.

Ubuntu en versoening?

Nolte-Schamm (2006:370) meen dat Ubuntu 'n belangrike pilaar is vir die Afrika wêreldbeeld. Verder meen sy dat dit 'n konsep is wat inherent kragtige hulpbronne

het vir sosiale versoening. Dit is beide ‘n instrument vir sosiale analise, maar ook ‘n leefstyl. “Ek is, omdat ons is, en omdat ons is, is ek” kan gesien word as Ubuntu se paradigmatiese slagspreuk.

Volgens Koopman (2014:987-988) openbaar dit aangaande warmte van Ubuntu diskoerse in Suid Afrika ook die honger onder Suid Afrikaners vir ‘n lewe saam met mekaar. Ubuntu as Afrika antropologie en wêreldbeeld se soeke na ‘n lewe van menslikheid, gemeenskap, saamwees, inklusiewe solidariteit, sosiale kohesie en deernis, bly steeds ‘n smagting in die harte van miljoene Suid Afrikaners.

‘n Belangrike tema van Afrika se antropologie is die heiligheid van lewe, en wat daaruit voortspruit, die respek vir die mens. Menswaardigheid word ten alle koste behou, omdat menswaardigheid deel is van die onsterflike siel van lewe-wese. Meer nog, ‘n persoon word holisties gesien – as ‘n entiteit met fisiese, emosionele, sielkundige, geestelike en sosiale kwaliteite, behoeftes en vermoëns.

Wanneer ons die vraag vra hoekom Ubuntu ‘n hulpbron is vir versoening word die volgende aangevoer: Hierdie optimistiese antropologie is een van die skatte waardeur Afrikane vrugbaar en op die gepaste wyse weer vertrouwe opbou in die menslike vermoë om sosiale probleme te konfronteer en op te los. Afrika tradisie fokus op sosiale verhoudings, en die genesing van gebroke verhoudings. In die eiening van hierdie ‘menslik-gebaseerde benadering’ na die lewe, mag die Suid Afrikaanse samelewing moontlik in staat wees om dit te herlei met betrekking tot versoening. Meer nog, die Afrika antropologie se positiewe en bevestigende siening van die mensdom mag help om gevoelens van teleurstelling in en frustrasie van mense te oorkom, dit mag gevoelens van aanstoot, weersin of woede, maar ook gevoelens van onvoldoendheid, skuld en skande oorkom. Dit mag selfs ‘n bereidheid om te vergewe en om iemand ‘n ‘tweede kans’ te gee kweek. Ten diepste het dit die potensiaal om verlore hoop in die mensdom en sy vermoë om goed te doen te herstel. Ubuntu sal die beste verwag, hoop en die beste uit mense na vore bring. Ubuntu boet nie in op geloof in mense nie, en dit word nie gekelder as gevolg van mense se mislukkings en onvermoëns nie. Oor hierdie redes sien sy dit nie net as ‘n uitstekende hulpbron en basis vir versoening in Suid Afrika nie, maar ook in ander kontekste (Nolte-Schamm 2006:379-380).

Wanneer ons kyk na die poging van die Waarheids- en Versoeningskommissie, sien ons dat daar wel positiewe gevolge voortgespruit het. Daar was ook wel baie uitdagings, en die verskillende opinies en ideologieë binne die Kommissie het dalk 'n negatiewe impak op die uitspeel van die doelwitte gehad. Die feit dat ons vandag, 23 jaar na demokrasie steeds vervreemd van mekaar leef getuig van die werk wat steeds nodig is.

Ubuntu is 'n baie bekende konsep ook in Afrika, en dit skep potensieel die ruimte vir versoening. Omdat dit 'n holistiese konsep is, spruit baie positiewe dinge daaruit voort. Menswaardigheid is belangrik, en om in gemeenskap met mekaar te leef. Hierdie is ook sleutelkonsepte binne versoening.

3.3 Ander belanghebbendes oor versoening

Die diskoers oor versoening vanuit ander dele van die wêreld bring ook moontlikhede vir versoening in Suid Afrika aan bod.

Busch (2004:214) verduidelik Barth se mening van die geldigheid van versoening en raak 'n belangrike saak aan. Barth se sentrale definisie van versoening was “versoening is die vervulling van die verbond tussen God en die mens”. Dit beteken dat versoening plaasvind met die verbond as veronderstelling en konteks. Versoening is God se reaksie op menslike sonde. As mens egter bloot reageer, bestaan die gevaar om in die onderstroom van dit waarteen jy reageer ingesuij te word. As versoening bloot 'n reaksie was op sonde, kon sonde dit dan nie keer op keer twyfelagtig of selfs onmoontlik maak nie? Die verbondswil van God is intendeel nie 'n reaksie nie; dit is self die aksie van die ewige wil van God wat sonde vooruitgaan. Sonde verskyn te laat op die toneel om daardie wil te bevraagteken. In God se daad van verbondsuitvoer sal Hy dan die hindernis van sonde aanspreek; dit neem dan net die vorm van 'n reaksie aan.

In Volf se *Exclusion and Embrace* (1996), verduidelik hy vier essensiële stappe tot versoening. Hierdie stappe is die volgende: skuldbelydenis, vergifnis, om in onself ruimte vir ander te maak en genesing van geheue (1996:114-135).

Wat uniek is aan Volf se argument is dat hy hierdie elemente uitlig uit die perspektief van die “slagoffer”. Volgens Volf (1996:114) moet oortreders skuld bely, maar ook

slagoffers omdat hulle toegelaat het dat hulle eie lewens verander is deur ideologieë en praktyke van die onderdrukkers, en sodoende Jesus se boodskap van ‘n rein hart verontagsaam. Deur toe te laat dat die gewelddadige praktyke van die ander hulle eie karakter en lewens vorm, herbevestig die slagoffer die gewelddadige praktyke van die onderdrukkers. Daar kan geen sosiale verandering wees, sonder ‘n hartsverandering en skuldbelydenis nie - en dit beteken om die verleiding van sondige waardes en praktyke te weerstaan, en om die nuwe orde van God se regering in die hart te laat grondvat (Volf 1996:116).

Die tweede stap na versoening is vergifnis, wat ‘n moeilike stap is om te doen, soveel te meer waar vir ‘n gemeenskap. Eerder as om te wil vergeef, is wraak die makliker ding om te doen. (Volf 1996:119,120). Die onbekeerde oortreder inspireer die outomatisme van wedersydse uitsluiting, en die instinktiewe drang na wraak. Hierdeur word ‘n onomkeerbare siklus van wraak in beweging gebring. “‘n ‘Regverdige’ wraak lei tot ‘n ‘regverdige’ weerwraak;” en meer nog, die feit dat in meeste gevalle laat die bose daad wat mens doen en hulle gevolge wat nie ongedaan gemaak kan word nie, laat dit bly of wraak die enigste moontlikheid is (120). Tog is daar ‘n uitweg deur vergifnis. Jesus het, nie net in Sy lering nie, maar ook in Sy lewe op aarde waarheid geleer: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie” – en dit dien as ‘n belangrike voorbeeld van wat die waarheid en krag beliggaam. Wat van geregtigheid? Is vergifnis ‘n plaasvervanger vir geregtigheid? Nee, is Volf se onmiddellike antwoord. Maar, “omdat streng herstellende geregtigheid nooit versadig kan word nie, sal geen versoening moontlik wees” buite die raamwerk van vergifnis nie (122f.). Alhoewel, “elke daad van vergifnis bekroon geregtigheid; dit trek aandag na die skending deur aan te bied om sy eise voor te gaan... en bied ‘n raamwerk waarbinne die strewe na ‘n goedverstande geregtigheid vrugbaar nagejaag kan word” (123). Die krag vir so ‘n pynlike vergifnis kan slegs gevind word “in die teenwoordigheid van God” waar mens bewus raak dat God liefde en geregtigheid is, dat die onderdrukkers geoordeel sal word vir dit wat hulle die slagoffers aangedoen het, en mens besef jou eie sondigheid daar.

Volf (1996:125) meen dat die pad van Christus op die kruis en die “wedersydse inblywing van die ander” in die lewe van die Drie-eenheid die basis vir Volf se derde stap na omarming: om plek te maak in onself vir die ander. Buiten om vergifnis aan

te bied vir ons vyande mik die kruis uiteindelik na die heelmaak van die gemeenskap tussen geskeide partye:

At the heart of the cross is Christ's stance of not letting the other remain an enemy and of creating space in himself for the offender to come in. ... The cross is the consequence of God's desire to break the power of human enmity without violence and receive human beings into divine communion. ... The arms of the crucified are open – a sign of a space in God's self and an invitation for the enemy to come in (126).

Volf (1996:127) volstaan daarby dat dieselfde twee dimensies van self-gewende liefde en die skep van ruimte om die ander te ontvang as karaktereienskappe van die Drie-eenheid – nie een van die persone gedefinieer kan word sonder die ander twee nie. Elke persoon sluit die ander twee in Homself in in 'n “wedersydse innerlikheid”. Hierdie ontvang van die ander “in God” word die mees diepgaande in die rigting van mense geopenbaar aan die kruis, en word gevier en bewustelik aangetref in die lewe van die kerk gedurende die Nagmaal. Die Nagmaal verteenwoordig nie alleenlik 'n viering van wie God is en wat Hy vir 'n afvallige mensdom gedoen het nie, maar is terselfdertyd 'n oproep en 'n bemagtiging vir Christene om na te boots:

Inscribed on the very heart of God's grace is the rule that we can be its recipients only if we do not resist being made into its agents; what happens to us must be done by us. Having been embraced by God, we must make space for others in ourselves and invite them in – even our enemies (129).

Een finale daad moet volgens Volf gebeur voor sodat daar volledige versoening kan plaasvind, en dit is “'n sekere tipe” vergeet van boosheid wat ervaar is. 'n Mens se geheue van die verkeerde dinge wat die ander gedoen is sal albei van hul vasknoop in 'n verhouding van onversoenbaarheid en daarom die behoefte vir nie-onthou. Die argument word so gestel: *Since no final redemption is possible without the redemption of the past, and since every attempt to redeem the past through reflection must fail because no theodicy can succeed, the final redemption is unthinkable without a certain kind of forgetting (Volf 1996:131-135).*

Volf sê dat so 'n vergeet 'n invloed op ons lewens sal hê solank as wat ons onthou dat die kwessies van waarheid en regverdigheid hanteer sal word, dat die onderdrukkers uitgelig en geoordeel sal word. Die slagoffers sal beskerm sal word en hulle wonde sal genees word. Al hierdie dinge kan natuurlik waarword in 'n eskatologiese vergeet,

wat uiteindelik gerealiseer sal word in God se nuwe wêreld (Constantineanu 2013:42).

Volf raak hier 'n belangrike aspek van versoening aan omdat Hy praat vanuit die perspektief van die slagoffers. Ek meen dat hierdie waardevol is in hierdie verhandeling, en dan juis in Suid Afrika, omdat die slagoffers van die omstandighede van vroeër die meerderheid in die land is. Dit spreek die persone wat verantwoordelik was vir die omstandighede ook nie vry nie en plaas ook dan verantwoordelikheid op hulle skouers.

Daar is al verskeie pogings aangewend om versoening te laat realiseer. Ek meen dat ons uit hierdie pogings kan leer, en saam met 'n hermeneutiek van die konteks 'n voorstel kan formuleer. Dit beteken dan dat elemente soos Ubuntu, wat eie is aan Afrika ook in ag geneem gaan word.

HOOFSTUK 4

EIE EVALUERING EN VOORSTELLE VIR VERSOENING EN ‘N LEWE SAAM IN SUID AFRIKA

In die vorige hoofstukke in hierdie studie is daar eerstens gekyk na hoe God Homself as ‘n Drie-enige God openbaar, en vervolgens ook verskillende verstane van die Drie-eenheid. Ons het daar kennis geneem van hoe hierdie Drie-eenheid van God ook belangrik is in die sending, en dat ons kan deelneem aan die beweging van die *missio Trinitatis*. Ons het ook gekyk en verwys na van die pogings en moontlikhede wat tot dusvêr voorgestel is om versoening in Suid Afrika moontlik te maak. Die laaste hoofstuk fokus op hoe daar vanuit inligting wat reeds bekom is ‘n voorstel gemaak kan word vir moontlike wyses waarop versoening en ‘n lewe saam ‘n werklikheid kan word. Ek meen dat die *missio Trinitatis* ‘n deurslaggewende rol kan speel. Ek gaan ook spesifiek verwys na die ruimte wat geskep word in die Drie-eenheid en watter moontlikhede oopgaan in hierdie verstaan van God. Ons kan ook baie leer by diegene wat alreeds op hierdie gebied navorsing gedoen het, en daarvandaan vertrek om nog ‘n voorstel aan bod te stel. Ek gaan ook kyk na sekere elemente wat belangrik is om versoening te laat realiseer.

My vertrekpunt in hierdie studie was die vraag: “Wie is God?”. Ek meen dat dit ‘n baie belangrike vraag is en dat ek op geen ander plek kon begin nie. Waarom hierdie siening en klem? As ons bely dat God die Skepper is van alle dinge, en dat alles goed geskape is, en dat Hy ook die mens geskep het, kan ons nie van kwessies praat waarby die skepping betrokke is, sonder om dit in die lig van die Skepper te sien nie. Ons bely tog dat ons ondergeskik is aan Hom, die Skepper, en daarom maak dit nie sin om na die wêreld en sy skepsels te kyk sonder om by God te begin nie. Wanneer ons dit verstaan, veral in die konteks van versoening, werp dit nuwe lig op hierdie probleem waarmee ons al vir so lank worstel. Calvin het immers gesê dat die enigste manier waarop ons die skepping kan verstaan deur die leerstuk van die Drie-eenheid is (Smit 2009:38).

Smit (2009:38) het aan die hand van Calvin verduidelik hoekom ons in ‘n Drie-enige God glo. Dit bied vir ons ‘n raamwerk om die Bybel te lees en hierdie God verder te verstaan. Ek wil saamstem en meen dat God Homself as Vader, Seun en Heilige Gees

openbaar in die Skrif. En meer nog, Hy openbaar Homself as ‘n lewende God wat in Sy wese betrokke is by die mens.

Wanneer ons dan vir God as Drie-enig verstaan, help dit ons ook om die skepping, en ander skepsels te verstaan in die lig van die Skepper. Dit het dan daadwerklike implikasies vir ons denke, en ook ons verstaan van ander.

Migliore (2004:76-77) se verduideliking van hierdie Drie-eenheid is vir my veral van waarde. Ons het nou gesê dat God lewendig en betrokke is by Sy skepping. Migliore verduidelik dan dat hierdie belydenis van die Drie-eenheid implikasies het in die lewe vandag. Migliore sê dat die belydenis van God Drie-enig beteken dat die lewe van God ten diepste persoonlike lewe in verhouding is. God is lewendig, en tree kreatief, reddend en transformerend op. Verder sê hy dat daardie verhouding dieper is as wat ons kan verstaan, en dan sê hy dat die lewe van God Drie-enig uiteindelik ‘n lewe is van selfopofferende liefde waar krag weerloosheid omhels. Dit beteken dat die Goddelike lewe die bron en krag van inklusiewe gemeenskap is. Dit het gestalte gekry in die lewe van Christus. Die gevolg hiervan is dat God liefhet in vryheid, en ‘n inklusiewe gemeenskap skep, kan verlossing slegs plaasvind in hierdie ‘agape’ liefde. Hierdie selfopofferende liefde word gekommunikeer in die woorde van 2 Korintiërs 13:13 met die Trinitariese seën: “die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God, en die gemeenskap van die Heilige Gees”.

Migliore gebruik ‘n treffende beeld om die Drie-eenheid te verduidelik. Ons kan deel hê aan hierdie verhouding omdat God ons Skepper is. Ons kan daardie ‘agape’ liefde beleef omdat ons in verhouding met Hom staan. Hierdie het radikale implikasies vir ons lewens, veral die manier hoe ons ander mense sien.

Dit herinner aan die gedagte van *perikorese* wat met die Kappadosiërs in die Ooste gevestig is. Ons het vroeër gesien hoe Plantinga, Thompson en Lundberg (2001:123-128) hierdie konsep verduidelik het. Hierdie idee van *perikorese* sluit aan by Migliore se verhoudingsmatigheid van God. Dit beteken dat in God se eenheid, daar ‘n gemeenskaplike inblywing, interpretering en gemeenskap saamkom in die Vader, Seun en Heilige gees. Hierdie lê dan ook klem op die verhouding tussen die drie persone.

Augustinus, aan die ander kant en gee Hy voorrang aan die een Goddelike substans as die vertrekpunt met betrekking tot die Drie-eenheid. Augustinus sê ook wel dat die mens rasioneel is, omdat hy geskep is na God se beeld (Gen 1:26).

Bogenoemde paragraaf verduidelik die Immanente verstaan van die Drie-eenheid mooi. Dit lê klem op God se beweging in Homself. Alhoewel sommige meen dat hierdie opmerking gebaseer is op spekulاسie, is my mening dat dit van waarde is en nodig om ook só oor God te dink. Daar is in die Drie-eenheid beweging teenwoordig.

Behalwe vir hierdie verhoudingsmatigheid van God, kan ons by elke persoon ook karaktereenskappe sien (Ekonomiese Drie-eenheid). God handel ook op verskillende maniere deur die verskillende persone. Heyns (1982:89) gebruik sterk terme om die Drie-eenheid te verduidelik. Hy stel die Vader as Skeppingsgrond, die Seun as Herskepingsgrond en die Heilige Gees as Voleindigingsgrond.

Hierdie eienskappe wat Heyns van die Drie-eenheid uitlig laat ons ook iets meer van die Drie-eenheid besef, en dit het ook op etiese vlak implikasies vir die wêreld. Met ander woorde, die lewe en wese van die Drie-eenheid, hoe Hy Homself openbaar en ook die karaktereenskappe wat Hy openbaar, is deel van ons lewens en gee ons 'n beter verstaan van wie Hy is. Calvyn skryf ook in sy Institusies hieroor en meen dat kennis van onself en kennis ten nouste saamhang met kennis van God (Duvenhage 1978).

Die Drie-eenheid as vertrekpunt tot hierdie studie bring verskeie moontlikhede na vore. Na my mening bestaan daar by ons die neiging om weg te spring met opinies en antwoorde oor verskillende dinge en probleme in ons lewe, sonder om dit in verband te bring met God. Alhoewel ons nooit ten volle sal verstaan nie, is dit nodig om die openbaring in die Drie-eenheid in gedagte te hou. 'n Woord wat dikwels na vore kom is "verhouding". Die Vader het ons geskep in verhouding met Hom. In Jesus se lewe sien ons ook hoe belangrik verhouding vir Hom is. Hy het nie bloot rondgeloop en wonderwerke gedoen en voor groot skares gepreek nie. Hy het mense persoonlik, intiem ontmoet en sodoende ook Sy relasionele natuur geopenbaar. En deur die Gees kan ons in verhouding met Hom leef. Omdat die Gees gestuur is en by ons is, kan ons

nuwe moontlikhede op allerlei vlakke ontdek. Vanuit hierdie basis van die Drie-eenheid kan ons ook op nuwe maniere na die heilsgebeure kyk. Jürgen Moltmann help ons daarmee met sy boek, *The Crucified God*. Met die kruis as sentrale simbool van die Christelike geloof, is dit ook nodig om Trinitaries daarna te kyk. God was tog met Sy volle wese teenwoordig by die heilsgebeure.

Die teendeel is ook waar, ons moet nie aan die Drie-eenheid van God dink sonder om ook die kruis in gedagte te hê nie. Albei hierdie dele en fasette van God en die heilsgebeure is nodig om God in Sy volheid waar te neem. Die Drie-eenheid ly almal saam in die kruisgebeure. Die Vader beleef hartseer in terme van sy Seun se dood. Die Seun se verlatenheid van Sy Vader is gelyk aan die Vader se verlatenheid van die Seun. Wanneer ons dit besef sien ons weereens iets nuut raak van God se wese, asook die kruisgebeure. Ons is geneig om net te dink die persoon van die Seun het gely, maar nuwe moontlikhede en verstaan van God kom na vore sodra ons in Trinitariese terme begin dink aan die heilsgebeure. Ons sal later dieper kyk na hierdie moontlikhede wat na vore kom, en dan voorstelle maak van hierdie moontlikhede in terme van die groter doel van hierdie studie.

In die tweede hoofstuk van hierdie studie het ek gekyk na God se beweging in die wêreld in terme van sending en hoe die verstaan daarvan ook met verloop van tyd verskillende vorme aangeneem het. Die getuienis in die Bybel bied ook 'n goeie grondslag van God as sturende God. Hy openbaar Homself al van die begin af as 'n God wat radikaal betrokke is en in verhouding staan met die mens. Hy roep en stuur mense, eerstens in verhouding met Hom in, en tweedens om saam met Hom in 'n verhouding te wandel.

Hierdie is 'n belangrike onderskeiding om te maak. Aan die begin is sending en die *missio Trinitatis* as die mens wat God vir ander bring beskou. Later het die gedagte van die missionale kerk en die *missio Dei* en later die *missio Trinitatis* 'n verantwoordeliker verstaan van die beweging in die wêreld gebring. Aanvanklik het ons gedink dat dit ons verantwoordelikheid is om Jesus na die nasies toe te neem. Vanuit Verster (2016) se artikel sien ons wel dat sending, *missio Dei* en *missio Trinitatis* beteken dat ons deelnemers, agente is van God se beweging in die wêreld.

Hierdie verskuiwing in denke en verstaan het veroorsaak dat sending baie meer holisties gesien word en aangepak word. Die verstaan van kultuur byvoorbeeld word as belangrik gesien, teenoor die verlede waar die Westerse manier implementeer wou word. Die klem is ook vanuit die missionale kerk dat ons bestaan in sending, en dat sending nie bloot 'n vertakking van ons bediening is nie. Hierdie beweging het ook positiewe gevolge ingehou ten opsigte van Flett (2010) se bekommernis dat ons sending ontwikkel het met ons Christologie oor 'n afstand. Verster (2016) verduidelik aan die hand van Nikolajsen (2013) dat die skuif na 'n Christosentriese benadering binne die Drie-eenheidsverstaan die gevolg gehad het dat die sending verruim het. Hierdie benadering meen dat die Vader die Heerser is van die geskiedenis, en in hierdie heerskappy voer Hy Sy sending uit. Deur Israel se verkiesing en later Christus en die kerk word die sending volvoer.

Hieruit sien ons dat God al van die skepping af 'n bewegende God is wat aktief handel in die wêreld. Die Gees stel die kerk in staat om missionaal in wese en ook in die praktyk te wees. Dis belangrik om raak te sien hoe die Drie-eenheid aktief betrokke is in hierdie missie. Elke persoon bring 'n ander karaktereienskap en versterk die kerk daardeur om die missie en beweging te laat voortleef. Hier sien ons weer iets van die Ekonomiese siening van die Drie-eenheid, die verskillende karaktereenskappe wat elke persoon openbaar.

Ons kan ook sê dat omdat die gemeenskap van die heiliges – die kerk, in gemeenskap en verhouding met hul Skepper staan, hulle die vermoë het om missionaal te wees. Hy versterk dan hierdie liggaam deur die eienskappe van die persone in die Drie-eenheid. God beweeg, die kerk gaan saam.

As ons kyk na hoe hierdie God beweeg, sien ons vanuit die *missio Trinitatis* dat die kerk die volle bestaan van die mens moet aanspreek (Verster 2016). Dit sal dan etiese implikasies ook inhou. Dit is egter ook belangrik om te besef dat kerk bloot die agente is, en nooit primêr aan die beweeg nie. Ons moet nooit die fout maak om te dink dat God is afhanklik van die mens om dinge te laat gebeur, of Sy kerk in stand te hou nie. Nee, Hy is die Hoof, en daarom moet die kerk in nederigheid en afhanklikheid bestaan. Verster stel dit mooi, deur te sê dat die kerk altyd in die diens van die

geslagte Lam van God staan. Hierdie beweging van die kerk kom gebroke, en in diens na die wêreld toe.

Barth se aanhaling in Flett (2010) som dit pragtig op. Hy beklemtoon die feit dat God aktief betrokke is, en dat die kerk die geleentheid kry om deel te neem in die lewe van God. Hier openbaar God Homself op 'n besondere wyse deur die skepsel saam met Hom te neem, en wil hê dat die skepsel saamkom. Hierdeur wys God dat Hy ook deur die mens dinge laat plaasvind.

Tennent (2010:75-76) beskryf ook die eienskappe van die Drie Persone en hulle aktiewe deelname. Hy sê die Vader sit die sending aan die gang. Hy lê die klem op die feit dat God eerste handel. Hy sê dat die Seun dan die beliggaamde *missio Dei* is wat nie net die Koninkryk van God verkondig het nie, maar self ook die teenwoordigheid van die Koninkryk beliggaam het. Hier meen hy dat die missionale kerk nie net die boodskap moet verkondig nie, maar dat dit net so belangrik is om die ook te beliggaam. Die Heilige Gees is dan die lewegewende teenwoordigheid van hierdie beliggaamde *missio Dei*.

Van de Beek (2012:30) bring ons weer terug na die eenheid van God. Hierdie is belangrik om te beseef omdat ons nie 'n skeiding moet maak in die Drie-eenheid nie. Hy lê ook klem daarop dat ons ingenooi word in die eenheid, en dan ook deelnemers is in die lewe van Christus.

Hierdie eenheid is belangrik om te verstaan. Ek is van mening dat ons eers een moet wees met die Drie-enige God voor ons kan deelneem aan die beweging. Hy nooi ons in, en wil graag in eenheid staan en in eenheid beweeg. Die kerk se identiteit is ten diepste gegrond in die eenheid van God.

Volf (1996) help ons ook om te sien hoe die Drie-eenheid na die wêreld keer en betrokke is by die skepping. Hy lê ook klem in die deelname. Die Drie-eenheid is besig in sy volmaakte self-gee en self-ontvang van liefde, en dan laat Hy die sondige mens in om deel te neem. Hierdie gebeur aan die kruis wanneer die beweging vir 'n oomblik stop en daar spasie gemaak word vir die mens om deel te raak. Hier vind omhelsing dan plaas, en die mens neem deel in die dansende sirkel van die Drie-

eenheid. Die kerk bestaan dus in hierdie sirkel van almal-omhelsende omgee. Hier sien ons dat 'n lewe saam met die ander gegrond is in die Drie-eenheid. Venter brei ook uit oor hierdie ruimte wat geskep word in die Drie-eenheid. In hierdie ruimte word ons nie net ingeneem nie, maar versoening is daar moontlik. Koopman (2004) ondersteun in sy werk oor Bonhoeffer en 'n lewe saam met mekaar hierdie konsep. Die feit dat 'n lewe saam 'n Trinitariese geskenk is, is belangrik om te snap. In hierdie liefde wat ons by Christus ontvang, is die basis van lewe saam.

Ons het nou beweeg van die Drie-eenheid na die *missio Trinitatis*, en dat die God wat beweeg en stuur ook aktief betrokke is. In verhouding met die mens maak Hy spasie vir ingrypende dinge om te gebeur. Die Drie-eenheid self lewe is nie verborge vir die mens nie, maar nooi in sodat die mens kan saam dans. Richard Rohr skryf ook oor die goddelike dans wat aan die gang is, en dat verhoudings die voertuig is waardeur God werk (2016).

Wanneer ons dan beweeg na die kwessie oor versoening in Suid Afrika is daar verskeie partye wat deel is van hierdie diskoers. Die prominente van hierdie partye is seker die Waarheids- en Versoeningskommissie wat 'n groot rol gespeel het. Van der Borgh (2015) Verduidelik hoe die proses gewerk het en hoe die kommissie gedink het oor versoening. Die kommissie het 'n godsdienstige kant gehad, maar het nie publiek gestel dat hulle versoening vanuit God aanmoedig nie. Die feit dat Aartsbiskop Desmond Tutu op 'n stadium die voorsitter was het gehelp in die Teologiese sin, maar daar was tog vele uitdagings.

Van der Borgh skryf hoe daar 'n spanning geheers het tussen die godsdienstige stroom en die sekulêre stroom. 'n Positiewe element wat wel na vore gekom het is die stelling van Aartsbiskop Desmond Tutu dat versoening nie moontlik is sonder vergifnis nie. Hierdie stelling is in teenstelling met wat Villa-Vicencio se stelling in Gathogo (2012) dat daar nie noodwendig vergifnis betrokke is by versoening nie. Ek wil sê dat ek saam met Aartsbiskop Tutu stem en meen dat vergifnis 'n sleutelrol speel in die versoeningsproses. Volf (1996) meen dat vergifnis verseker ook deel is van die versoeningsproses. Volgens hom stel Volf vier dinge voor wat noodsaaklik is vir versoening. Eerstens meen hy dat daar belydenis van skuld moet wees. Hierdie is die eerste stap. Daarna moet daar vergifnis plaasvind. Derdens is die Drie-eenheid die

basis van omhelsing met die ander, en laastens moet daar 'n vergeet van die boosheid plaasvind.

Ek stem heeltemal saam met hierdie stelling en meen dat vergifnis 'n baie belangrike aspek van versoening is. Vergifnis neem nie die plek van geregtigheid nie, omdat die daad van vergifnis die geregtigheid kroon.

'n Teoloog wat in die Suid Afrikaanse konteks deel was van die stryd na vryheid en ook versoening is Beyers Naudé. Hy preek in 1963 oor versoening, en sy woorde is vandag nog steeds so relevant en waar. Sy vertrekpunt is dat versoening nie net 'n term is wat ons in die Bybel aantref nie, maar ook 'n Bybelse waarheid. Versoening beteken om die stukkende verhouding tussen God en die mens, en tussen mens en mens weer te herstel. Hy sê dat hierdie versoening net waar kan word met opoffering, soos met die voorbeeld van Christus in die volheid van tyd. Dit is waaroor die inkarnasie gegaan het en ons moet dit so verstaan (Coetzee, Hansen en Vosloo 2013).

Hierdie het volgens Naudé ook implikasies vir ons lewe. Eerstens besef die mens iets van God se vergifnis wat Hy steeds aanbied. Dit vind plaas tot die mens se ewige verbasing. Daarom is vergifnis volgens Naudé ook 'n baie belangrike element in versoening. Hierdie vergifnis en aanbod van versoening is egter nie net vir die kerk of Christene gemaak nie, maar vir die hele wêreld. Alle mense, van welke ras, stam, taal of geskiedenis word ingesluit. Dit het plaasgevind in die sigbare daad van Christus, die inkarnasie en die Versoener van God met die mens.

Ek stem ook saam met sy laaste stelling, en dit is dat ook implikasie het van mens tot mens. Dit word egter nie waar sonder gesprek en kommunikasie nie. God het die gesprek deur die Lewende Woord aan die gang gesit, en nou kan ons ook deur gebed die gesprek verder voer. Ons vertrekpunt moet Christus wees. Sy lewe en alles wat daarmee saamgaan is waar ons begin, en die basis van ons getuienis.

Heyns lig uit dat die mens se verhouding tot God sonder twyfel die grond- of wortelverhouding is waarin hy staan. Hy sê dan verder dat die tweede ruimte waarbinne die mens die diepe sin van sy omvangryke menswees moet realiseer, sy verhouding met sy naaste is (1982:205).

Ek wil aansluit by Heyns, en spesifiek dat 'n verhouding 'n baie belangrike element is. Eerstens ons verhouding met God, ons Skepper, en ons behoefte aan verhouding met Hom wat van nature voortvloei vanuit ons wese as mense geskape na God se beeld. Verder staan ons ook nie net in verhouding met God nie, maar ook met ander mense, en dis hierin waar Heyns voorstel dat die diepe sin van ons menswees moet realiseer. As mense en gelowiges wat in gemeenskap en verhouding met mekaar leef, en nie in isolasie van mekaar leef nie, kry ons geloofsoortuigings gestalte in die kerk. As gemeenskap van gelowiges bely ons ook een, heilige, algemene, christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges. Hier sien ons dat die kerk ook 'n belangrike element is wanneer ons praat oor versoening. Ons sien by Verster (2016) hoe die verstaan van sending en kerk deur die jare ontwikkel het. Hy beklemtoon dat die missionale kerk deelname aan die *missio Trinitatis* is. Met ander woorde, die gemeenskap van gelowiges mag nou deel raak van God se beweging in die wêreld.

John de Gruchy (1987:43) maak belangrike stellings en vra belangrike vrae in terme van die kerk se rol in die samelewing in Suid Afrika. Hy meld in 1987 dat dit tragies is, dat die stryd in Suid Afrika een geword het tussen Christene wat nie bloot verskil in terme van denominasie of ras nie, maar verskillende persepsies het oor ons samelewing, verskillende sosiale doelwitte en verskillende strategieë vir hoe dit bereik sal word.

Daar is verdeeldheid in elke samelewing, en in samelewings soos ons s'n loop dit uit op konflik. Dit is verstaanbaar, alhoewel ook jammer, maar is ook 'n teken van die menslike sonde en afvalligheid. Dit is ook verstaanbaar dat die kerk, waarvan die lidmaattal letterlik oor die hele spektrum van die samelewing strek, in hierdie konflik vasgevang moet wees. Dit is waar van die begin van die kerk in Suidelike- en Suid Afrika. Sosiale kragte, kulturele ligging en verskillende en gereeld gerasionaliseerde lees van die evangelie het uitgespeel in die kerk wat verskillende kante kies. Dit is nie net vandag waar nie, maar meer intensief?. Dit is presies dit, wat juis 'n fundamentele uitdaging vir die natuur van die kerk vandag bied: is dit in staat om 'n agent van God se versoening, 'n teken van die eenheid van die mensdom en 'n gemeenskap wat hulself gereedmaak vir die komende koninkryk te wees (De Gruchy 1987:44)?

De Gruchy (1987:46-47) meld dat ons ook tereg ontdek het dat dit in die saamstry vir geregtigheid en vrede is, wat ons ons eenheid in Christus ontdek. Wat ons nou moet begryp is die nodigheid vir hierdie eenheid in Christus wat bevestig en beliggaam moet word in die lewe van die kerk op so 'n manier dat ons oorgeërfde skeidings oorbrug sal word en die kerk die vermoë sal hê om te getuig van geregtigheid in die samelewing, en dus deel raak van die stryd vir geregtigheid.

Flett (2010:Kindle) sê in die gebeurtenis van versoening, plaas dié een God Homself en die skepsel in 'n "gedifferensieerde gemeenskap van aksie." Terwyl hierdie verhouding per definisie enige menslike aanname van behoorlike goddelike verantwoordelikheid belet, is dit een waarbinne die Drie-enige God roep na 'n ooreenstemmende gemeenskap. Hierdie gemeenskap as sekondêre agent van die gebeurtenis van goddelike en menslike versoening, lewe volgens 'n roeping. Hierdie gemeenskap is uit die aard van die saak 'n 'missionêre gemeenskap of gladnie die Christelike gemeenskap nie".

Venter stel ook 'n Trinitariese teologie van versoening voor, met die klem op die relasionaliteit. Hy meen dat dit potensieel 'n ruimte skep waar versoening kan moontlik wees. Die Drie-eenheidsbeeld is na sy mening 'n simbool van heling, en herstel. Hierdie lewe in die Drie-eenheid nooi na 'n lewe van dapperheid, om lief te hê en te hunker na die ander.

Dis ook nodig om te verwys na die antropologie, omdat die versoening ook te doen het met mens tot mens verhoudinge. Bonhoeffer baseer sy antropologie op die beeld van God en die feit dat mense geskape is na hierdie beeld. Dit dui op die vryheid wat die mens het, en dan beteken dit om vry te wees vir die ander. Hierdie vryheid vir die mens bestaan in Jesus Christus. Met ander woorde, sy antropologie is Christologies van aard. Daarom kan ons ook opoffer, soos by Naudé, omdat Christus reeds opgeoffer het (Koopman 2014:994).

Bonhoeffer lê ook klem op duur genade, en meen dat die prys daarvan nie goedkoop was nie. Verder is gemeenskap vir Hom belangrik, en nog 'n element van die beeld

van God. Sy antropologie is dan nie net Christosentries nie, maar ook ekklesiologies. Hierdie gemeenskap kan plaasvind te midde van verskille op verskillende gebiede.

Nog 'n element van antropologie wat nuttig kan wees is die Afrika konsep van Ubuntu. Nolte-Schamm (2006) stel voor dat hierdie 'n katalisator tot versoening in die Afrika konteks kan wees. Respek vir die mens, en heiligheid van die lewe speel 'n groot rol. Maar meer nog, die gemeenskap. "Ek is want ons is, en ons is want ek is" is die slagspreuk met Ubuntu, en dit skreeu gemeenskap uit. Dit sê dat ons mekaar nodig het en kan ondersteun, en saam kan lewe. Hierdie kan ook lei tot vergifnis, en om iemand anders 'n tweede kans te gee. Verder beteken Ubuntu dat menswaardigheid belangrik is, dat daar gehoop kan word om in die mens die beste te verwag. Ubuntu wanhoop nie te midde van mense se mislukkings en onvermoëns nie.

Ek meen dat Ubuntu 'n belangrike konsep is om te verstaan in die Afrika kultuur. Dit kan ons beslis help om die konteks beter te verstaan en moontlik help met versoening. Ubuntu sê die regte dinge, veral gemeenskap en tweede kans. Dit klink of dit die perfekte katalisator tot versoening is. Ek wil wel meld dat hierdie konsepte nie los kan staan van God nie. Ubuntu opsigself gaan nie die probleem van vervreemding in Suid Afrika oplos nie. Versoening vind plaas in die teenwoordigheid van God, wanneer ons besef en sê: "Ons is, want Hy is".

Na aanleiding van al hierdie inligting kan daar nou 'n voorstel gemaak kan word oor hoe versoening in Suid Afrika kan moontlik wees.

VOORSTEL NA AANLEIDING VAN EVALUERING

Ek het begin by die Godsleer- die Drie-eenheid as basis van hierdie studie. En ek wil graag weer klem daarop lê dat ek meen dat dit ook die basis is vir 'n lewe saam, en versoening in 'n situasie in Suid Afrika waar dit byna onmoontlik lyk. Die Vader, Seun en Heilige Gees is op spesiale manier betrokke in die wêreld. Die dansende sirkel van self-gewende en self-ontvangende liefde dring die Drie-eenheid. Hierdie natuur bewys ook die relasionaliteit van God. Dit spoel ook oor in die mens, omdat ons as sy beeld kan deelhê aan verhouding, vryheid. Die Vader Seun en Gees is intiem betrokke by die skepping, en die heiligsgebeure wat reeds afgespeel het. Ons

moet van 'n monoteïstiese verstaan van die kruis beweeg na 'n Trinitariese verstaan. Dan sien ons soveel meer, en begryp iets meer spesiaal van wat regtig daar gebeur het.

Volf se woorde oor insluiting is vir my pragtig en verseker deel van my verstaan van versoening. Die feit dat die Drie-eenheid na die wêreld draai en die kruis die gevolg is daarvan is eintlik ongelooflik. Die dans hou vir 'n oomblik op en die sondige mens kan inbeweeg in hierdie spasie, en deelneem aan die dans. Dis die oomblik van vergifnis, van versoening, en van eenheid tussen God en die mens.

Dit is waar versoening met die ander ook plaasvind. Ek glo en bely dat daar op geen ander manier versoening kan plaasvind as in God nie. Die ruimte wat geskep word vir die vergifnis van ons sonde, is ook genoeg vir die ander, sy sonde, en hy word ook ingenooi in die deelname van die Drie-eenheid. Wanneer ons, ek en die ander, mekaar daar ontmoet, in daardie veilige spasie van self-gewende en self-ontvangende liefde van die Drie-eenheid, sien ons mekaar op 'n ander, 'n nuwe, 'n vars manier. Dit is versoening, om te glo dat die heilsgebeure genoeg was vir my, en genoeg was vir mense wat nie soos ek is nie. Anders eien ek God eksklusief vir myself toe, en dit is nie my besluit om te neem nie.

Waar figureer die *missio Trinitatis*? En watter rol kan die kerk nou eintlik speel in hierdie kwessie?

Die kerk, die gemeenskap van God word ook ingenooi in die ruimte in, maar dan meer nog. Die kerk word ingenooi in 'n lewe, 'n deelname in die lewe van die versoenende Drie-eenheid. Dit beteken dat God besig is met Sy versoeningsplan, en ons kan saamgaan, en agente wees in die versoeningsproses. God is nooit afhanklik van die mens nie, maar wil hê die mens moet deel wees van die verhaal.

Dit is waartoe ek glo die kerk in Suid Afrika geroep is. Om te glo in die Drie-eenheid, om te glo in die kruis, om te glo in versoening, en om deel te wees van die boodskap van versoening met mense wat nie soos ons is nie. Ons mag nie swyg nie. Ons weet dinge is nie soos dit moet wees nie. Dit gaan oor 'n besef waarmee God besig is, en ook deel te neem daaraan.

Die *missio Trinitatis* is aan die beweeg. Al van die begin van tyd is Hy daar, Drie-enig, besig met Sy sturende natuur. Hy staan met die mens in verhouding, en herstel daar waar dit gebroke is. Ons kan ons skuld bely, Hy vergewe, Hy maak vir ons spasio in Homself en laat ons vergeet van booshede wat ons aangedoen is. Hierdie is waar vir ons, en vir die ander.

5. KONKLUDERENDE OPMERKINGS

Wat 'n voorreg is dit nie om te droom oor versoening in Suid Afrika nie. Ons het 'n verlede, 'n geskiedenis waaroor baie van ons skaam is, en ons smag na eenheid. Ongelukkig is hierdie stryd vir eenheid en versoening nie verby nie. Ons vervreem daaglik meer en meer van mekaar.

Maar ons hoop lê daarin dat ons 'n God aanbid wat aktief betrokke is by die skepping, ons elkeen liefhet, en brand vir eenheid. Die feit dat ons ingenooi word in 'n lewe saam met Hom, kan 'n lewe saam met mekaar ook moontlik maak. Ons kan beweeg van mekaar verdra, na mekaar liefhê. Hierdie kan gebeur wanneer ons na mekaar begin kyk, en liefhet in die lig van die Drie-eenheid se lewe, wese en beliggaming van dit wat ons bely.

Die Drie-eenheid is Lewend en aan die beweeg. Mag ons deelneem aan hierdie beweging waarmee Hy reeds besig is, en mag ons gebed altyd bly: Nkosi Sikelel' iAfrika!

Soli Deo Gloria!

LITERATUURLYS

Battaglia, V 2007. *An Examination of Karl Rahner's Trinitarian Theology*. Australian eJournal of Theology

Bevans, SB, Schroeder, RP, 2006. *Constants in Context: a Theology of Mission for Today*. New York, Orbis

Bosch, D 1991. *Transforming Mission: paradigm shifts in theology of mission*. Maryknoll, NY: Orbis

Busch, E 2004. *The Great Passion – An Introduction to Karl Barth's Theology*. Eerdmans, Grand Rapids, Michigan/Cambridge, U.K.

Constantineanu, C 2013. *Exclusion and Embrace: Reconciliation in the Works of Miroslav Volf*. KAIROS –Evangelical Journal of Theology / Vol. VII. No. 1, pp. 35-54

Duvenhage, A 1978. *Institusie – Calvin*. N.G. Kerkboekhandel. Nasionale Boekdrukkery. Goodwood, Kaap

Coetzee, M, Hansen, L, Vosloo R, 2013. *Vreesloos Gehoorsaam - 'n keur uit Beyers Naudé se preke 1939-1997*. SUN PreSS, Stellenbosch

De Gruchy, JW 1987. *The struggle for Justice and Ministry of Reconciliation in: Journal of Theology for Southern Africa* 43-52

Flett JG, 2010. *The Witness Of God: The Trinity, Missio Dei, Karl Barth and the Nature of Christian Community*. Eerdmans, Grand Rapids, Michigan/Cambridge, U.K.

Gathogo, J 2012. *Reconciliation Paradigm in the Post Colonial Africa: A Critical Analysis in: Religion & Theology* 19 (2012) 74–91

- Heyns, JA 1982. *Teologiese Etiek*. Nasionale Boekdrukery. Goodwood, Kaap
- Koopman, N 2014. *Bonhoeffer and the future of Public Theology in South Africa. The on-going quest for life together*. NGTT DEEL 55, SUPPLEMENTUM 1, 2014
- Migliore, DL 2004. *Faith Seeking Understanding*. Eerdmans. Grand Rapids, Michigan
- Moltmann, J 2001. *The Crucified God. The Cross of Christ as the Foundation and Criticism of Christian Theology*. SCM Press.
- Nolte-Schamm, C 2006. *African anthropology as a resource for reconciliation: Ubuntu/Botho as a Reconciliatory Paradigm in South Africa in: Scriptura 93 (2006), pp. 370-383*
- Plantinga, RJ, Thompson, TR, Lundberg, MD 2011. *An Introduction to Christian Theology*. University Press, Cambridge
- Rohr, R 2016. *The Divine Dance. The Trinity and Your Transformation*. United States of America
- Smit, DJ 2009. *Essays on Being Reformd: Collected Essays 3*. SUN MeDIA, Stellenbosch.
- Tennent, TC 2010. *Invitation to World Missions: A Trinitarian Missiology for the Twenty-first Century*. Kregel Publications. Grand Rapids, Michigan
- Van de Beek, A 2012. *Lichaam en Geest van Christus*. Zoetermeer, Meinema
- Van der Borght, E 2015. *Reconciliation in the Public Domain: The South African Case in: International Journal of Public Theology 412-427*

Van der Walt, B 2008. *Understanding and Rebuilding Africa: From desperation today to expectation tomorrow*

Venter, R 2004. *Trinity and Mission: challenges to a reformed witness in Africa today*. VERBUM ET ECCLESIA Jrg 25(2)

Venter, R. Lesing aangebied by die Universiteit van die Vrystaat: *The Triune God and the Relational Turn: Implications For Reconciliation in South Africa?*

Verster, PJ 2016. 'n Teologies-etiese oorweging van die christelike sending en die invloed daarvan op morele waardes in Suid-Afrika in: *Litnet Akademies, Jaargang 13, Nommer 3, 555-581*

Volf, M 1996. *Exclusion and Embrace: A Theological Exploration of Identity, Otherness, and Reconciliation*. Abingdon Press

Webster, J 2000. *The Cambridge Companion to Karl Barth*. Cambridge University Press

OPSOMMING

23 jaar na demokrasie in Suid Afrika is mense nog steeds besig om daagliks meer en meer van mekaar te vervreem. Daar is ook talle nuwe konflikte wat die situasie vererger. Dit is daarom nodig om krities te reflekteer op die situasie in Suid Afrika, en oor die droom van versoening. Daar was al talle pogings, soos dié van die Waarheids- en Versoeningskommissie in Suid Afrika. Daar is egter nog talle uitdagings. Dit wil voorkom of die leerstuk van die Drie-eenheid, en verder, die missio Trinitatis nog nie as beslissende oplossing vir die probleem van vervreemding en die moontlikheid van 'n lewe saam in Suid Afrika dien nie. Die missio Trinitatis, met die Drie-enige God wat beweeg en wat die kerk in die wêreld saamneem open nuwe perspektiewe en moontlikhede vir versoening en 'n lewe saam in Suid Afrika. Kan 'n nuwe verstaan van die Drie-eenheid, die Trinitariese beweging in die wêreld en die Afrika konteks 'n oplossing wees vir die vervreemding van mekaar in hierdie land? In hierdie beweging van die missio Trinitatis word daar ruimte geskep waar versoening moontlik is.

TREFWOORDE

Drie-eenheid – Missio Trinitatis – Versoening – Lewe Saam - Suid Afrika

ABSTRACT

23 Years after democracy in South Africa, people are still alienating more and more every day. There are also many new conflicts that makes the situation worse. Therefore, it is necessary to critically reflect on the situation in South Afrika, and on the dream of reconciliation. There have been attempts, like those of the Truth- and Reconciliation Commission in South Africa. However, there are still problems. It seems as if the doctrine of the Trinity, and furthermore, the *missio Trinitatis*, have not yet been proposed as decisive solution for the problem of alienation and the possibility of a life together in South Africa. The *missio Trinitatis*, with the Trinity moving in the world, and making the church part of this movement, opens up new perspectives and possibilities with regards to reconciliation and a life together in South Africa. Can a new understanding of the Trinity, the Trinitarian movement in the world and the African context be a solution for the alienation in this country? In this movement of the *missio Trinitatis*, a space is created where reconciliation is possible.

Keywords

Trinity – *Missio Trinitatis* – Reconciliation – Life Together – South Africa